Hoofstuk Een

HOE OM MET GOD TE PRAAT

1. Hoekom moet ons bid?

Gen 3:8 God verdien om gemeenskap met die mens te hê. Die mens is vir hierdie doel geskape. Hierdie verhouding was deur sonde gebreek en deur geloof in Christus Jesus herstel. Ons hoef nie meer langer vir God in sonde en skaamte, weg te kruip nie. Ons kan nou met God deur gebed komunikeer.

Mat 6:6 Jesus het beveel dat ons moet bid. Indien ons Hom liefhet soos ons sê dat ons Hom liefhet, dan wil ons Hom gehoorsaam wees. (Joh 14:15)

Mat 6:9-10 God het ons verordineer (die opdrag gegee) om in geloof te bid, sodat Sy krag en vermoë op aarde losgelaat en geopenbaar word om die behoefte van die mensdom te ontmoet. Ons gebeds lewe beperk God.

2. Hoe kan God deur ons gebeds lewe beperk word?

Gen 1:26 God het aan Adam heerskappy oor die aarde gegee.In ‘n sekere sin was Adam ‘n “god” vir die wêreld.

Gen 3:6 Adam het gesondig deur aan God ongehoorsaam te wees en daar deur het hy hoogverraad teen God gepleeg en sy reg aan outoriteit aan Satan uitverkoop.

2 Kor 4:4 Hier noem die Bybel Satan die “god” van hierdie wêreld.

Luk 4:5-6 Op die berg van versoekking, offer die Satan al die koninkryke van die wêreld aan Jesus en verklaar dat hulle aan hom oorgegee is. Wie het hulle aan hom gegee? Adam!

Kol 2:15 Jesus het Satan in die openbaar oorwin en hom van al sy mag, gesag en krag gestroop.

Mat 28:18-19 Net voordat Jesus opgevaar het Hemel toe, het Hy sy outoriteit aan die Kerk gedeligeer. Die Kerk het nou die gesag op die aarde oor die magte van duisternis. Indien ons nie hierdie mag en gesag in gebed gebruik nie, dan keer ons dat God se vermoë oor die aarde losgelaat word.

3. Wie se lewe is die grootste voorbeeld van gebed?

DIE HERE JESUS CHRISTUS. Hy was ‘n man met ‘n gedissiplineerde gebeds lewe.
Luk 3:21 Terwyl Hy besig was om te bid by Sy doop het Hy die Heilge Gees ontvang.

Luk 5:15-16 Jesus se geheim vir Sy kragtige genesings bediening was Sy gereelde gebeds lewe.

Mark 1:35 Hy het gereeld terwyl dit nog donker was, vroeg in die more opgestaan om te bid.

Luk 6:12-13 Jesus het regdeur die nag gebid voordat Hy Sy dissipels gekies het.

Mark 6:45-51 Jesus het wonderbaarlik op die water geloop nadat Hy ure alleen in gebed deurgebring het.

Indien Jesus, die Seun van God, dit nodig gevind het om te bid. Hoeveel meer het ons nodig om te bid?

4. Wat is gebed?

Gebed is die voorreg wat die mensdom het om gemeenskap met God op 'n intieme wyse te hê.

Dit moet 'n twee gesprek wees met God, nie net ek wat praat nie, maar ook om te luister na Sy stem.

Luk 11:9-10 Dit is om vir God te vra, vir dit wat ons nodig het.

Psalm 16:11 Dit is om die volheid van Sy teenwoordigheid te geniet.

Psalm 34:2-4 Gebed is om God te aanbid en Hom te verhef vir Sy majestieuse grootheid.

Eff 6:12&18 Dit is om geestelike oorlogvoering in die Gees te doen teen God se vyande.

Rom 15:1 Dit is om die laste te dra van die wat nie sterk is nie.

5. Hoe moet ons bid?

Joh 16:23-24 Tot die Vader in die Naam van Jesus. Ooreenkomstig die Woord van God. Dit is verkeerd om direk tot Jesus te bid of om deur Maria te bid. Indien ons resultate verlang, moet ons bid soos God ons die instruksies gegee het.

Ons eindig ook nie ons gebed, " Om Jesus ontwil" nie, maar eerder "in Jesus naam." Want dit is om ons ontwil dat ons bid en nie om Sy ontwil nie!

6. Wat moet ons houding in gebed wees?

Moet ons Sit? Staan? Kniel? Toe oë of oop oë wees? Lê? Sak en as? Ens.

Heb 10:35,36,38; 11:1-6 Ons moet in geloof bid.

Jak 1:6-8 Ons moet bid sonder om te twyfel of huiwer.

1 Joh 5:14-16 Ons moet ooreenkomstig God se Wil bid.
GOD SE WOORD IS SY WIL! Wanneer ons weet wat God se wil is en ons voeg dit aan die einde van ons gebed by "as (indien) dit u wil is" dan kanselleer ons daardie gebed en maak dit van nul waarde alles wat ons in ons gebed aan God gesê het.

7. Wat verhinder ons gebede?
Jak 4:1-4 Wanneer daar verkeerde motiewe is, ons verhouding met mekaar nie opreg is nie, ons verkeerd bid.

Mat 6:5-8 Wanneer ons bid om deur mense gesien te word en eidelike herhaling van woorde gebruik.

Jes 59:1-3, Spreuke 28:13 Ongeregtigheid en oortreding.

Mat 5:22-24 Onopgeloste probleme en wrywing tussen kinders van die Here.

Mark 11:25-26 Onvergewings gesindheid

1 Pet 3:7 Verkeerde verhouding tussen man en vrou

Hoofstuk 2
HERE, LEER ONS BID.
Teologie van gebed.

Luk 11:1-4 En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het.

Daar is sleutels van gebed en hierdie sleutels sluit deure oop. Verskillende sleutels sluit verskillende deure oop. Ek gaan deur die genade van die Here sleutels aan jou gee en jy gaan self die deure oop sluit wat nodig is.

Kom in die vloei van die Gees van God. Leer in die vloei en verkry waarhede soos ons voortgaan. Indien ons gaan kyk na al die ou profete sal ons sien dat hierdie 'n beginsel was wat deur almal van hulle toegepas is. So bou ons dan 'n woning van God in ons midde.

Ek wil eerstens met u deel oor ons verhouding in gebed tot God. Hoe moet ons na God toe gaan? Ons moet na God toe kom as Kinders (seuns & dogters).

Ek wil nie graag in 'n debat betrokke raak oor dit wat ek nou gaan sê nie, dit is maar net my beskeie mening. Ek glo nie God hoor almal se gebede nie. Veral nie die sondaar of niekind van God nie, nie voordat 'n kind (seun/dogter) van God die persoon aan God voorgestel het nie.

Jy mag moontlik vir my sê: "Wag 'n bietjie, God hoor die gebed van 'n sondaar! Hy het my gehoor en gered!" Ja, dit is waar, maar iemand het vir jou gebid en jou naam voor God genoem toe jy nog 'n sondaar was.

Wanneer jy, wat nie verlore is nie, bid vir iemand wat verlore is, met ander woorde jy word 'n intersessor vir daardie persoon, dan hoor God die sondaar se gebed. Niemand mag na God toe kom sonder 'n intersessor nie, Want God hoor alleenlik seuns/dogters se gebed. So moet julle bid : "Onse Vader"
Weet julle hoekom is ons stede en dorpe, hoekom is nasies en volke verlore? Omdat daar nie meer intersessors is wat voor God staan om vir hulle in te tree nie. God soek intersessors om vir die dorpe, stede, volke en nasies te bid en vind Hy nie so 'n persoon nie. Dan weier God om Sy eie wil te doen teen die riglyne van Sy karakter. God se karakter, natuur en wil is dat Hy net na die gebed van 'n seun/dogter luister. Wanneer julle bid sê: "Onse Vader." Dit is ons verhouding in gebed.

Om as intersessor op te tree is om "tussen in" (in the gap) te staan. Om in te tree (to interfere with God) soos Abraham voor God gestaan het en ingetree het vir Sodom en Gemorra. Terwyl die Here op die oop vlaktes is sê Hy aan Sy engele : "Sal Ek vir Abraham dit verberg wat Ek gaan doen, sienende dat hy my lief het met sy hele hart. Sal Ek dit vir hom verberg wat Ek van plan is om te doen met Sodom en Gemorra?" God word weer verantwoordelik vir Sy eie karakter, en dit is; Indien God met jou 'n verbond aangegaan het sal Hy nie Sy intensies vir jou verberg nie.
God kan nie die sondige stede iets aandoen voordat Hy met die man wat Hy 'n verbond mee aangegaan het gepraat het nie. Dit is toe dat die Here sê: "Ek moet vir Abraham vertel wat Ek gaan doen." Ek gaan Sodom vernietig, verwoes as gevolg van die sonde en ongeregtigheid wat daar heers. Dit het voor die Here God opgerys as onwelvoeglik, onaanvaarbaar, duiwels, siek. Hulle moet van die aarde af weg gevee word.

En Abraham sê die Bybel het voor God gestaan en gesê: Sal U die stad spaar indien daar 50 regverdige mense in is. Hy het voor (nie agter of langs) God gaan staan. Die Here sê in Psalm 27:8 Soek My aangesig! Toe sê my hart Ek soek u aangesig, o Here!

Daar is 'n verskil om die aangesig van God te soek en om God te soek. Dit beteken om voor God te staan. Om die aangesig van God te soek, is nie om naby Hom te wees nie, of langs Hom nie, maar voor Hom. Dit is die roeping van die intersessor Soek My aangesig (get in My face), kom in My gesig. Kom voor My, tussen My en wat Ek gaan doen, want daar is nie 'n seun/dogter in Sodom wat bid nie. Abraham bid vir hulle – Die stad sal nie bid nie, hulle is vol sonde en ongeregtigheid. Ek wil sê, al het hulle gebid sou God nie luister nie, want Hy luister net na seuns/dogters. Jy wat kind van God is moet bid vir hulle wat verlore is.

Ons moet vir ons dorpe en stede bid, sodat God na hierdie mense se gebede sal luister en hulle sal red. Die Bybel sê Abraham het voor God bly staan. As daar 50 is spaar die stad, 30, 20, 10. Hy bid dat die Here Sodom en Gamorra sal spaar. God was opgehou deur hierdie intresessor en God moes met Abraham 'n ooreenkoms maak, vir die stad wat nie vir homself kon bid nie, voordat God die stede verwoes het.

MAAK INTERSESSIE VIR U SIN!!!

Ons is besig om vannaand verhouding met God in gebed te bou. God wil Sy kinders HOOR BID, want Hy luister en antwoord net seuns/dogters.

Indien jy as kind, die sondaar aan God voorstel in jou gebed, dan sal God, wanneer die sondaar bid, hoor en antwoord. God roep die intersessor om te bid en wanneer hy bid hoor God en trek die sondaar met koorde en bande van liefde. Dit is hoe 'n sondaar in die koninkryk van God inkom. Indien daar nie intersessors in die stad is wat vir die stad bid nie, sal daardie stad ten gronde gaan as gevolg van hulle sonde en uiteindelik sterf.

KIND VAN GOD DAAR RUS 'N VERPLIGTING OP JOU OM VIR DIE STAD TE BID.

So moet julle bid: "ONSE VADER".

Hoofstuk 3

Vriend of Vader

Lukas 11:6-13 "En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode."

Jou vader mag jou vriend wees, maar nie al jou vriende is jou vader nie.
Ons is baie maal verward met ons verwantskap in gebed. Dit is hoekom ons baie keer ons gebede oor en oor en oor bid, want daar is geen geloof in ons harte nie.
Ons is nie seker of die Here ons die eerste maal, tweede of derde gehoor het nie. Ons is nie seker of God ons ooit hoor nie. Ons is nie seker hoekom bid ons die gebed weer en weer nie. Ons weet nie hoekom nie. Al wat ons weet, ons het gebid en niks het gebeur nie, so ons moet weer bid.

Wel, antwoord God gebed. Ja of Nee? Verseker God antwoord gebed. Hoekom bid ons dan dieselfde dinge oor en oor en oor. Daar is 'n antwoord. Wie wil graag uitvind hoekom bid ons oor en oor en oor?
Dit is dinge wat ons moet uitvind! Ons moet hieroor praat.
In verhoudinge of verwantskappe is daar ook katagorië van gebed. Daar is baie katagorië, maar ek wil dat ons by die volgende twee sal stil staan. Een, die Skietgebed en Twee die Gedenkgebed.
Die skietgebed vereis onmiddelike respons, optrede of antwoord. Ons kan nie tot more op 'n antwoord wag nie. Bv. Jy ry in 'n motor op 'n baie styl bergpas met 'n geweldige afgrond aan die eenkant en aan die anderkant 'n loodregte krans opwaarts. Jy kom om 'n skerp draai en die motor begin gly en beweeg na die afgrond se kant toe. Al wat jy kan uitroep is: Jesus! Dit is 'n skiet gebed. Wanneer jy tot jou sinne kom staan die motor met sy linkerkant teen 'n boom met die linker voorband wat gebars het. Jy het nie eers die stamp gevoel, of die band hoor bars nie. God bewaar en beskerm jou met net een woord "Jesus!"
Daar is nie tyd dat die engele nou opdrag aangaande jou gegee word nie. Dit is 'n gebed wat onmiddellike reaksie vereis anders is dit te laat. Het jy al so 'n gebed gebid? Het dit gewerk?
'n Skietgebed moet aan die volgende vereistes voldoen.
1. Daar mag geen geloof obstruksies wees nie. Niks mag in die pad van jou geloof wees nie.
2. Die gebed moet ooreenkomstig die "Wil van God" gebid word (Is dit die wil van God om te red, te beskerm, te bewaar ens? Ja, beslis Ja)
3. Moet gebid word in die openbaringe van die wil van God.

Daniël lees wat die profeet Jeremia, die profeet van God, oor Israel geprofeteer het aangaande 70 jr van ballingskap. Daniel tel die jare, net 70 jr moet verbygaan dan sal God sy volk verlos, want dit is die wil van God. Daniel begin toe om te bid in die tyd van die aandoffer en die Bybel sê terwyl hy nog besig was om te bid het die engel Gabriël hom aangeraak en antwoord gebring. Die soort gebed dwing geestelike besoeke af. Hoekom?

1. Dit is 'n gebed volgens die wil van God.
2. Daar is geen geloof obstruksie nie.
3. Dit is 'n gebed van openbaringe van God.

Hy het geweet wat God wou doen. So 'n gebed het geen probleem vir onmiddellike reaksie nie.

'n Gedenk gebed is soos die gebed van die hoofman Cornelius (Hand 10) wat oor en oor en oor gebid is (altyd deur in gebed tot God). Hy het sy gebede opmekaar gestapel totdat hy die getuienis van God self ontvang het. Hy het nie moeg geword nie. Hy het nie opgehou nie. Hierdie man se gebed het opgerys tot voor die aangesig van God as 'n gedenk bewys. "Cornelius, jou gebede en jou aalmoese het voor God in gedagtenis gekom." Selfs God kon dit nie langer ignoreer nie.

Hoekom het God nie hierdie gebed die eerste maal ge-antwoord nie? Cornelius se gebed het heidene ingesluit, almal wat nie seuns van Abraham is nie. Hulle het geen toegang tot God nie. Hulle is nie welkom in die familie nie.
Jesus het een maal na 'n vroutjie gekyk terwyl sy gepleit het vir haar dogter wat erg duiwel besete was. Jesus se antwoord aan haar was: Ek is gestuur vir die verlore skape van Israel. maw Ek help nie heidene nie. Gebed het geen protokol nie. Gebed ken geen senioriteit nie (herargie). As dit so was sou daar vir hierdie vrou geen hoop gewees het nie. Sy hou aan en sê: Here, help my. Jesus antwoord haar: Dit is nie reg om die brood van die kinders te neem en dit vir die honde te gee nie. Jesus noem haar 'n hond! Sy word nie hierdeur af gehaal of draai teleurgesteld om nie. Nee, dit maak haar net meer vasbeslote. Here, die honde eet van die krummels wat van tafels van die base afval. En hierdie antwoord ontlok reaksie van Jesus: Vrou, groot is jou geloof!!! Sy ken Jesus maar vir ongeveer 3 minute en hierdie heiden het groot geloof. Die disippels ken Hom vir 3 jaar en in die storm lê hulle en bewe in die boot van angs. Gee U nie om dat ons vergaan nie. Hy maak die storm stil en sê vir hulle: Klein gelowiges. Geloof is nie 'n produk van hoe lank jy Jesus ken of kind is nie. Dit is daarom dat God nie Cornelius se gebed dadelik ge-antwoord het nie. Hierdie gebed vir die heidene moes eers aan die vereistes van geloof getoets word.
Ons wil God in menslike omstandighede plaas, maar Hy is nie 'n mens nie. HY IS GOD. God word nie deur ons begeertes beweeg nie, maar deur die gebed van Sy kinders wat volgens Sy Wil bid. Hy wil sy kinders hoor bid!!

Wanneer jy bid sê: PAPPA!!!! Hy antwoord geen ander gebed nie, want dit is 'n verhouding tussen Vader en seun/dogter. Dit is al waarna die Here God luister.

HOOFSTUK 4
Vriend of Vader 2
Gedenkgebed

Die gedenkgebed word aanhoudend gebid. Oor en oor en oor. Die een gebed word bo-op die die ander gestapel.

Hierdie gebed word gebid wanneer daar 'n geloof obstruksie, verhindering, is (dit is baie belangrik om dit reg te verstaan). Dit staan gewoonlik in konflik met die Wil van God en die wil van die mens. God wil een ding doen en die mens iets anders.

Jy bid vir 'n seun van jou wat ongered en onverskillig teenoor God en die Woord staan, en sê: Here, red asb my seun. Antwoord God gebed? Ja!!!, maar jou seun wil nie gered word nie. Dit is te lekker in die wêreld. Hy geniet die sonde. Hy sê: Los my uit. Ek wil nie gered word nie. Moenie julle godsdiens in my keel afdruk nie. Dit is my lewe. Ek sal dit lewe soos ek dit wil lewe en niemand sal my voorskryf nie.

Sal God iemand red wat nie sy lewe en wil aan Hom oorgee nie. Die antwoord is. Nee!!! So hier het ons die Wil van God wat gebid word deur 'n moeder en die wil van die mens, wat in hierdie verlore seun, nie wil oorgee nie.

WAT GAAN GOD NOU DOEN? Ek dink hier is moeilikheid. God is in die moeilikheid. Is dit God se Wil om die seun te red? Ja, God wil nie hê dat een moet verlore gaan nie, ook nie hierdie hardkoppige seun, wat niks met godsdiens te doen wil hê nie.

Die moeder bid en sê: Here, U woord verklaar alles wat ek die Vader in U naam vra dit sal U vir my gee! Here, ek bid en vra volgens U Wil. Ek weet U is 'n God wat nie kan lieg nie. My seun gaan of sal gered word.

Dit is wonderlik.
Die seun sê: Los my uit. Ek wil niks hiermee te doen hê nie. Moenie met my praat nie. Moenie met my sukkel nie. Ek stel nie belang nie. Ek wil lewe soos ek wil lewe.

WAT MOET GOD NOU DOEN?

Hier is 'n moeder wat bid en sy kwoteer die Skrif. Here, U het my belowe U sal al my kinders red. Ek prys U daarvoor. Die seun wil nie. Is God in die moeilikheid? Ek dink so. Maar ek dink dat God ook uit hierdie omstandighede kan kom. As ek net lank genoeg en hard genoeg bid sal God hom red. NEE.

Wanneer jy die Wil van God vs wil van die mens het, dan begin ons met geestelike oordeel. Dit Is: God oordeel tussen hierdie twee uiterstes.

Wat oordeel God?

Hy oordeel tussen die opregte gebed van geregtigheid van 'n moeder en die sonde en ongeregtigheid van die seun.

Dan sê God: Ek moet iets doen of laat gebeur, wat sal laat veroorsaak dat die wil van die mens inlyn sal kom met die Wil van God. Dit is hoekom jy nooit ophou om hierdie gebed te bid nie.

Ja, God het jou die eerste keer gehoor, maar jou gebed laat die hemel in beweging kom. Jou gebed in die Gees spreek verborgenhede wat die hemelse leërskare in beweging bring. Sodat hierdie verlore, profesionele verwerper van genade, seun die teiken word van 'n geestelike operasie.
Die Hemelse leërskare word aangaande hom bevel gegee en wanneer jy bid maak jy nog 'n duisend los. Wanneer jy iemand kry om saam met jou te bid, laat julle tienduisend demone vlug. Maak 'n beroep op die gemeente en julle maak 'n hele legioen engele los.

Waarheen is hulle oppad?

Hulle is oppad na daardie hardkoppige, hardnekkige, eiewyse seun.
Wat gaan hulle doen?

Hulle gaan sy sake werk. Hulle gaan mors met sy gedagtes, sy hart, sy gees, sy slaap. Hulle gaan sy werk opvoeter, sy huis omkeer, sy spysverteringstelsel. Hulle gaan met hom mors totdat hy uitroep: Ek het Jesus nodig!!!

Wat is jy besig om te doen? Jy gooi atoomkrag binne in sy lewe. Krag, Heilige Gees krag. Jy wil hê hy moet vandag gered word, Nee. God gaan hom red wanneer hy Ja sê.

Daar is geen vraagteken of God my gebed hoor nie, maar ons beweeg baie keer buite God se orde. Dan sê ek: Ek weet nie hoekom wil my seun sy hart en lewe aan Jesus gee nie. Ek bid dan al so lank, soveel jare. God hoor my seker nie, hy moet seker maar verlore gaan. Dit is dan wanneer ongeloof begin werk, want ons verstaan nie ons verhouding met God in gebed nie. Moenie God

wantrou nie. Jy is Sy kind. Hy is jou Hemelse Vader. Hy sal die goeie nie van jou weerhou, jy wat in geregtigheid voor Hom wandel nie.

Moenie jou gebede en die krag van God kanselleer wanneer dinge vir jou lyk of dit verkeerd gaan nie. Die Hemelse leërskare weet wat hulle moet doen en hoe hulle dit moet doen.

Moenie nou begin bid en sê: Here, wat is dan nou besig om te gebeur nie. My seun is besig om alles te verloor. Sy huis, sy gesondheid, sy werk, sy slaap, alles is nou besig om verkeerd te gaan. Jou gebed laat God toe om op Sy manier te werk totdat jou seun omdraai en uitroep: Ek het God nodig!!!!

Onthou jy bid nie nou ‘n skietgebed nie, maar ‘n gebed wat ‘n aanhoudende investering van geloof en geestelike oefening in jou seun se lewe belê. Dit maak dat ‘n vloot Hemelse liggame losgelaat word. Die een na die ander aanhoudend so lank jy bid. Met die een golf na die ander word die poorte van die hel gebombardeer en demoonse magte terug gedryf. En word die weerstand wat opgebou was weg geblaas. Verskonings, hardkoppigheid en ongeregtigheid verdwyn.

‘n Moeder wie se kinders die Here opreg dien se een seun is goddeloos en wil niks van die Here af weet nie. Gaan oorlog toe en op die slagveld word hy as vermis aan gegee. Hulle laat weet hierdie moeder en familie hy is vermoedelik dood. Hierdie vrou sê: Dit is onmoontlik, hy kan nie dood wees nie, want die Here het my belowe Hy sal al my kinders red en nie een sal verlore gaan nie. Hy Leef!!! Ses jaar gaan verby. Die ander kinders kom by hulle moeder en sê dat hulle maar Boetie se dood moet aanvaar. Hulle moet maar ‘n gedenkdiens hou want hy sal nie weer terug kom nie. Nooit, sal ek so iets doen nie, sê die moeder, hy is nie dood nie hy leef. Omdat my Vader gesê het hy sal nie sterf voordat hy gered is nie en toe Boetie oorlog toe gegaan het was hy ongered. Vyftien jaar bid sy vir haar seun. En op ‘n dag toe lui die voordeur klokkie en ‘n man met ‘n baard staan by die voordeur. Sy kyk hierdie man op en af toe herken sy hom en sê: Boetie waar was jy al die tyd. Ek het net vir Mamma kom sê dat die Here my siel gered en verlos het. Ek is Sy kind.

HOOFSTUK 5
Vriend of Vader 3

Gedenkgebed

‘n Gedenkgebed ken geen grense nie. Daar is nie beperkinge in hierdie gebed nie.

Daar is geen etniese- of godsdienstige grense wat hierdie gebed beïnvloed nie. Dit ken geen perke nie, want die God tot wie jy hierdie gebed bid, is onbeperk.

Hy weet wat om te doen.
Hy weet hoe om dit te doen.

Hy weet wanneer om dit te doen.
Hoekom?
Hy weet hoe om resultate te verkry.

Jy bid aanhoudend sonder om te twyfel, maw met geloofsversekerheid. God is by magte om te doen wat jy van Hom vra. En om nog meer te doen as wat jy vra. Want Hy is God! En niemand se skuldenaar nie. Hy werk baie maal nie soos jy dink dit moet wees nie. God werk elke keer op ‘n unieke wyse.

So ‘n aanhoudende geloofsversekerde gebed beweeg God van Sy troon. So moenie ophou nie. Al lyk dit vir jou of alles verkeerd gaan. God is in beheer. Hy weet wat om te doen.

Ja, God het jou die eerste keer gehoor toe jy gebid het. Hy het nie vir jou NEE gesê nie. Met respek gesê: Hy het oortuigings werk gehad om te doen aan hulle wat nie met Sy Wil inlyn wil kom nie. En kan Hy oortuig!!!!!
Totdat hulle uitroep: Waar is die God van Pappa, Mamma, Oupa, Ouma, Broer, Suster, Vriend of Vriendin. Hierdie gebed bring die leërskare van die Hemel in beweging. Jy hou aan met bid en maak die Engele los en God sal Sy deel doen deur te red en te verlos soos Hy dit wil doen. Want Hy weet wat werk vir elkeen afsonderlik.
‘n Gedenkgebed is soos iets wat jy bêrekoop (layby). Elke maand betaal ‘n gedeelte af en gaan aan met jou daaglikse lewe. Volgende maand betaal jy weer en dit hou aan en aan en aan totdat die koopsom ten volle betaal is. Dan word dit jou eiendom.

Hou aan bid, moenie tou op gooi nie. Jy bid miskien al vir baie jare. Ek wil jou bemoedig. Die Here het jou as kind die eerste keer gehoor, maar Hy het werk om te doen.

Een oggend gaan jy wakker word en weer dieselfde gebed bid wat jy al so baie gebid het: Here, my seun sit in duisternis, sonde en ongeregtigheid. Hy is hardkoppig en eiewys. Ag, Here, red hom asb. En dan gaan dit die laaste paaiement wees wat jy betaal. En God gaan vir jou sê: Dit is genoeg. Hier is jou antwoord.

God is getrou!!

WAT IS GELOOF?

Jy sal onmiddelik vir my *Hebreers 11:1* aanhaal Geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Geloof is wanneer jy geestelike dinge begin verstaan (begryp).
Verstaan geestelike beginsels en jy het geloof. Nou kan jy in die duiwel se gesig lag. Hoekom? Want jy weet en verstaan hoe God tewerk gaan.

Gaan die Here daardie siel vir wie jy bid, red? Ja. Hoekom sê jy: Ja. Want ek weet dit. Kan daar nou twyfel ontstaan indien dit nie binne ‘n maand of jaar gebeur nie. Nee. Ek weet hoe God se plan werk.

Wat is God se bedoeling met Sy kinders. Net goedheid!!

Nou verstaan ek. Die Here wil siele red, nou het ek geloof en by die geloof voeg ek nou die werke en bid (Jakobs sê: geloof sonder die werke is dood) en God red die siele.

Wie het nuwe geloof omdat jy verstaan? Sal jy ooit weer twyfel dat God jou nie hoor nie.
Bidder nou is dit jou plig om vir die Here te sê: Here, gee my ‘n las om vir ander te bid. Hoekom? Ek weet nou hoe om te bid. Ek weet nou wat om te bid. Ek weet nou wanneer om te bid. Ek weet wat om te verwag. Om saam met God te werk en nie teen God nie.

Here, gee my weer die las (begeerte, verlange, behoefte) om vir my familie, vriende, sondaars, dwelmslawe, prostitute, alkohol verslaafdes, goddelose regering ens ens ens te bid sodat God hulle kan red. Here, ek wil vir hulle intree. Ek sal vir hulle in die gaping staan tussen U en die mens. I will get into Your face, Oh God. Ek sal voor U staan en bly staan vir ‘n verloregaande wêreld.

Kyk in die gees en sien hoe die hemelse leërskare, op leërskare, op leërskare op ons dorpe en stede toesak en God begin om siele te red.

Jy moet die sondaar aan God voorstel anders kan hy nie gered word nie!!!

So moet julle dan Bid: Onse Vader.

Dit is u geroepe plig om te bid en te bid en te bid en te bid en nogmaals te bid en God sal die siele red. Dit is oestyd. Slaan die sekel in want die oes het oorryp geword.

HOOFSTUK 6
Sleutels van Gebed

Luk 11:1–4 *“Here, leer ons bid”* en nie Here, leer ons hoe om te bid nie. Indien ons nie leer om te bid en hoe om te bid nie, sal ons nooit leer om lank genoeg te bid nie. Dit is dan wanneer ons miskien moedeloos word en sodoende geen antwoord kry nie. Wanneer ons dit wel toepas, word daar magtige gebeds-soldate gekweek.
Somtyds bid ons nie lank genoeg om te leer hoe om te bid nie. Ons het te gemaksugtig geword, want alles word vir ons gedoen. Ons verstaan ook nie altyd hoe gebed werk nie.

Here, leer ons bid. Jesus gee die opdrag: Wanneer julle bid, sê: Onse Vader. Indien ons dit geleer het, het ons alreeds ver gevorder. Daar is versekering, ek is kind van God, Hy hoor my gebed en die Here weet hoe en op watter manier om my gebed te antwoord.

Jesaja 54:1–17 Hoe word edelgesteentes gevorm? Deur “DRUK” en “HITTE” (Vuur). Jou fondasie mag nie uit modder of sandsteen bestaan nie. Indien ons die Huis wil vergroot (vers 2-3), moet ons dit op die regte manier en op die regte fondasie doen. Hierdie edelgesteenste van verse 11-12 is nie dekoratief nie, maar dit spreek van uithou vermoë en substansie. Wat het hierdie saffiere, robyne, karbonkels en edelgesteentes gevorm? Die druk en vuur van vervolging.
Vers 14 is ‘n sleutel: Deur geregtigheid sal jy bevestig word; wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie; en ver van verskrikking, want dit sal nie by jou kom nie.
Jy sal nie beweeg word wanneer jy in geregtigheid staan nie. Geregtigheid is die vyand van verdrukking (oppression). Indien jy in geregtigheid staan of leef sal verdrukking (oppression) nooit ‘n effek op jou lewe hê nie. Want jy leef nie in vrees nie. Vrees is marteling (torment). Indien jy in vrees lewe gaan jy gemartel, geterroriseer word. Indien jy in geregtigheid lewe sal jy nie vrees nie, want jy is regverdig soos Hy regverdig is.

Geregtigheid is ons enigste wapenrusting. Geregtigheid is die enigste getuienis van ‘n getroue en beproefde.
Mense wat deur die vuur gaan. Mense wat deur verskriklike omstandighede gaan, lyk vir ander of hulle mislukkings is. Dit lyk vir hulle of hulle deur God getugtig word. Dit lyk of hulle in geestelike dinge verwerp is.
Daar is ‘n tendens wanneer mense deur tragiese en moeilike omstandighede gaan dan sê ons: Ek weet nie waar hulle God gefaal het om so deur Hom geslaan en verwerp te word nie. Ag shame, wat het hulle gedoen. Weet jy wat is besig om te gebeur? God is besig om diamante en saffiere te vorm. Hy doop julle met die Heilige Gees en met Vuur. Die doping met Vuur is noodsaaklik om edelgesteentes te vorm. Ons is so geneig om net die doop met die Heilige Gees en die water doop te aanvaar, en die doop met vuur nie. Dit is hier waar al die onsuiwerhede van die ware geskei word. Goud se eind prosses van suiwering eindig in die vuuroond. Vuur suiwer ons van alles wat verkeerd is.

Daar is nie iets snaaks wat besig is om met jou te gebeur nie. God is besig met jou!! Wanneer my broer val en seerkry. Hy is stukkend, gebreek dan wil ek oordeel dat ongeregtigheid aan die werk is en so kanselleer ons die feit dat God in ons lewens aan die werk is. Dan sê ek maklik: Wyk Satan, los my uit! Dit is nie die Duiwel wat aan die werk is nie. Indien jy so voel en reageer is jou gebedsfondasie modder en sandsteen en nie edelgesteentes nie. Dan bou ons, ons gebedsverhouding op sandsteen en nie diamante nie.

Wanneer ons in omstandighede kom wat ons nie verstaan nie, dan tuimel ons hele geestelike wêreld soos ‘n kaarthuis inmekaar. Hoekom? Omdat ons nie deur die Vuur gegaan het nie en ons verstaan nie dat dit God is wat besig is om te werk nie. Dit is God wat broer, suster, seun, dogter ens deur die vuur laat gaan om hulle te suiwer. Wanneer jy die doop met vuur verwerp dan word jou gebed sag vir hulle wat jy lief het en gered wil sien.

Dit is die Vuur wat toets hoe en met wat ons gebou het. Hooi, stoppels, hout of goud, silwer en edelgesteentes.

Verstaan jy, begryp jy dat jou gebed nooit mag verflou nie.

Die volgende skrif gaan jou hele denkwyse verander. Jesaja 54:16 *Kyk, Ek die smid geskape wat die koolvuur aanblaas en ‘n wapen voortbring volgens sy ambag; Ek het ook die verderwer geskape om te verniel.* Geregtigheid, indien jy weet dat jy met God wandel, maak nie saak hoe omstandighede om jou lyk nie, jy sal in Hom oorwin!

Weet u hoe voel dit om voor ‘n gemeete te staan. Mense wat jy na die Here toe gelei het. 'n Vader vir kinders, maar in eensaamheid en alleen. Jy is omring van mense, maar tog heeltemal eensaam en alleen. Dit is verskriklik om so iets te ervaar. Sommige sal sê: Indien jy met God wandel sal so iets nooit met jou gebeur nie. Moenie te gou praat nie. Wanneer jy weet, ek wandel met God in integriteit , maar alles gaan verkeerd. Ek wil u sê indien dit nie vir geregtiheid was nie en ek nie geweet het waar ek met God staan nie en ek vir ander geluister het sou ek miskien vandag karre verkoop het of iets anders gedoen het. Die rede hoekom ek nog vandag hier is, is omdat ek weet waar ek in die Here is. Wanneer jy dit weet, kan mense van jou sê net wat hulle wil. Jy staan in geregtigheid en die Here sal saffiere, diamante, edelgesteentes onder jou indruk en om jou pak en kosbare dinge sal uit jou lewe voort kom.

Die Bybel sê: Jesus het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het. As Jesus in die vlees gely het hoeveel te meer ons ook nie. Versterk jouself en kry jouself en jou denke reg om, net soos Jesus

gely het tot gehoorsaamheid, ons ook so sal ly. Moenie bang wees wat gebed oor jou sal bring nie. Moontlik stuur die Here jou na Putsonderwater, Daveyton of Soweto.

MOENIE BID AS JY GOD NIE VOLKOME VERTROU NIE. Want Hy gaan dinge doen nie soos jy dit verwag nie.

Jesaja 64:1–12 (vers3) *wanneer U vreeslike dinge doen waar ons nie op gehoop het nie...*
Die Here doen dinge wat ons nie verwag nie.

Indien jy bid vir die redding van siele dan moet jy gereed wees om by hulle te staan. Hulle te bemoedig, te vertroos, liefde te gee en om te verstaan waardeur hulle gaan. Bid dat God se wil sal geskied. En wanneer jy bid Vertrou God!!!
Moenie ophou om te bid nie. Moenie jou oorwinning prysgee deur jou gebed te verander nie. God maak die smid wat die vuur warmer en warmer en warmer maak. Wanneer jy 'n gedenkgebed bid, laat die vuur in jou gebed warm word.

Moontlik gaan jy staan en sê: ek hou nie van wat ek sien nie, maar doen wat U moet doen om hulle siel te red. Hierdie selfde gebed moet ons vir ons stede bid. Doen wat U moet doen, o, God, om hulle siele te red. Al is dit orkane, vloede, tragedies, maak nie saak wat nie. Red hulle. Dan moet ons by hulle bly en hulle nie los nie, Want God is besig om hulle in lyn te bring as gevolg van jou gebed.

"*Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here."*

Moenie vrees oor more en Mbeki nie, want God is in beheer. Hy het belowe Ek sal jou nie begewe of verlaat nie. Kyk, Ek is met jou tot aan die voleinding van die wêreld.

Vertrou God vir alles.
Vertrou God met alles.

HOOFSTUK 7
Sleutels van Gebed
Vriend of Vader

Ek wil met u terug keer na verhoudinge (relationships) Vriend of Vader.

Lukas 11:5 – 13
Verse 5-6 *"Moenie my lastig val (steur, hinder) nie."* (V7)
Baie van ons meen dit is die gebed wat ons oor en oor en weer en weer moet bid.

Moenie my lastig val nie. Moenie my steur nie. Moenie my hinder nie. Hoekom nie? *Die deur is al gesluit, en my kinders is saam my my in die bed, ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie.*

Al wil hy nie opstaan om vir hom iets te gee nie. Al voel hy nie lus om op te staan nie. Sal hy omdat hy sy vriend is opstaan en vir hom brood gee.

En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal gegee word. Ons het hierdie idee van God dat Hy in die bed is en Sy kinders is saam met Hom daar. Ek glo sommige van Sy kinders is in die bed, maar die Bybel sê: Dat God nie sluimer of slaap nie. Ons lees in hierdie skrif die woord uithouvermoë. Ons moet net uithou en aanhou om te soebat en te pleit. Ons moet net aanhou vra en soebat, vra en soebat, vra en soebat. Hou aan om by God te neul.

In die gedenkgebed hou ons aan om oor en oor en oor te bid en vra. Is dit so? JA. Hoekom doen ons dit? Hierdeur gee ons aan die Hemelse leêrskare brandstof (petrol) om te doen wat hulle moet doen. Ons gee aan hulle energie agv 'n geloof vervulde gebed wat ons oor en oor bid. Dit is om die Hemelse leêrskare los te maak om geestelike oordeel toe te pas. Hetsy goed of sleg om enige iets te veroorsaak, sodat mense wat nie in lyn/pas is met die wil van God nie, todat hulle in pas kom met die wil van God en gered word.

MAAR ons het die verkeerde skrif daarvoor gekies. Dit is nie wat hier geskryf staan nie, maw dit is nie wat hierdie skrif gedeelte vir ons sê nie.

Vers 8 "Onbeskaamdheid" Without shame facedniss. Sonder 'n slaaf kompleks. Sonder 'n "gutter" mentaliteit. Jy is nie 'n bedelaar nie. Jy is niemand se slaaf nie. Verstaan ons dit? Nie altyd so mooi nie, want ons het hierdie vriend, wat ons moet soebat en smeek, "gemerk" VADER. Hy is nie jou vader nie. Hy is jou vriend. 'n Vriend kan 'n vader wees, maar nie alle vriende is vaders nie.

Wat hier gedoen of verduidelik word is: 'n Parrallel word getrek tussen, wat Vaders met kinders doen wat in verhouding (relatonship) is en wat vriende doen in verhouding.

'n Vriend sal vir jou sê: Ek en my kinders is in die bed dit is laat. Ek gaan nie opstaan nie. Die deur is gesluit. Jesus sê: Ek het voor jou 'n ge-opende deur gegee. Ek sluimer of slaap nie. Maar ons dink nog steeds hierdie vriend is God ons Vader. Dit is hoekom ons gebede nie beantwoord word nie!!!

Jy is nie 'n slaaf of bedelaar nie. Jy is seun/dogter, jy is kind!!! Jy is sonder 'n slaaf of bedelaars mentaliteit.

Indien 'n vriend jou sal antwoord, omdat jy nie skaam is om as 'n vriend te vra nie. Kyk na vers 13 nog 'n sleutel *"HOEVEEL TE MEER sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid"*

Hierdie skrif gedeelte onderstreep die negatiewe om die positiewe totaal uit te lig. Dit onderstreep 'n vriend se negatiewe reaksie om jou geloof te gee in wat jou Pappa (Vader) sal doen by vergelyking.

As jou kind jou brood vra, sal jy hom 'n klip gee? Nooit, sê jy. As jou kind vir jou vis vra, sal jy 'n slang onder 'n vadoek op 'n bord plaas en dit vir hom gee en agteraf lag en kyk wat gaan gebeur? NEE, Nooit. Hoeveel te meer sal die hemelse Vader…. Dit is 'n vergelyking (a comparison).

Wat het dit met ons te doen? Het jy nie gevra: Here, leer ons bid, nie!!!! Indien jy leer om te bid, gaan jy uitvind God is nie jou vriend nie. Want 'n vriend gaan slaap en wil nie graag opstaan nie. Jy moet staan en klop en klop en klop om hom uit die bed te kry. As jy 'n vriend uit die bed laat opstaan omdat jy nie 'n slaaf se mentaliteit het nie en nie skaam om hom as vriend iets te vra nie.

HOEVEEL TE MEER sal ‘n seun/dogter vra: Haai Pappa, ek het drie brode nodig en hoeveel te meer sal jou hemelse Vader, wat nooit slaap nie, die deur nooit sluit nie, vir jou gee wat jy nodig het nie.

Dankie Jesus!!!

Jy vra ‘n vriend, gee vir my brood ek het dit nodig. Komaan, staan op, jy moet my help. Asseblief man, jy moet my help. Dan antwoord jou vriend: Nee, ek slaap al.

Ons het hierdie gedagte van God. Ek is in die bed. Ek slaap. Die deur is gesluit. Nee, Nooit. Dit is sulke gedagtes wat jou geloof in ‘n gedenkgebed vermoor. Ons het die gedagte God is onge-erg en ons moet deur hierdie onge-ergdheid breek om God se aandag te verkry. Hy het ander meer belangrike dinge om te doen. Sodoende is dit ons straf en plig om op aarde te soebat en bedel vir brood. Wel jy is VERKEERD!!!

Hierdie is net ‘n vergelyking. In wat ‘n vriend sal doen vergelyk met wat jou Vader sal doen wanneer jy bid.

Vriend of Vader

Hoeveel te meer

God is my Vader!!! Hy hoor wanner ek bid en antwoord my elke keer.

HOOFSTUK 8
Sleutels van Gebed

Jesaja 45:9–11
Potskerf by erdepotskerwe. *Soort word met soort vergelyk. Vergelyking met vergelyking. Dit was en is nog altyd God se manier. Hy vergelyk appels met appels en nie appels met pere nie.*

Vers 11 “Formeerder” spreek van verhouding *…vertrou my seuns…* Hier is iets baie interesant. Hoekom seuns? Dogters in die familie kon nie erf nie, net die seun mag. ‘n Dogter was niks nie. ‘n Seun was alles. ‘n Seun kon vra en kry en ‘n dogter was ge-ignoreer. Daarom praat God hier van seuns. So, wanneer man of vrou voor God staan om te vra beskou Hy jou as ‘n seun. “*..sy Formeerder…my seuns en die werk van my hande aan My toe.”*

God gee aan seuns die reg om direk van Hom te vra en dit sonder teespraak. Jy soebat nie ‘n vriend om gehoor te word nie. Jy is ‘n seun wat sê: Haai pa dit is deel van my erfporsie, ek wil dit graag hê.” Maak dit vir jou sin?

Ons moet spontaan wees. Ons moet God se stem hoor. Alles beweeg en reageer op die stem van God. Die aarde, son, maan, sterre, wind, see, wolke, reen ens. ens. ens.
Psalms 42:2–3. Ons as mens moet altyd sê: Ek wil voor die aangesig van God verskyn. Dit is wat gebed is. Ek wil voor God staan. I want to get into the face of God. *Vers 8* hier is ‘n sleutel hoe jy die stem van God kan hoor. Hierdie gedeelte is ‘n praktiese teologie van gebed wat jy nooit mag vergeet nie. God is altyd besig om op ‘n sekere frekwensie te praat. Dink aan ‘n radio wat besig is om uit te saai. Daar is verskillende stasies. Hoor jy al die stasie gelyk? Nee, jy moet ingestel wees op ‘n frekwensie om ‘n sekere stasie se uitsending te hoor.

Indien God weet wat Hy wil doen. Indien God weet wat sy Wil is? Hoekom sal Hy nie doen indien jy niks sê nie? Hy is uiteraard tog God. As jy nie bid nie dan gebeur dinge nie. Hoekom? God het iets weg gegee en dit is die woord rekonsiliasie/versoening. Hy het dit alreeds in die hemel gevestig en bevestig en toe gee Hy dit aan die mens. *Hy wil nie hê dat iemand moet verlore gaan nie, maar dat almal gered moet word.* Dit is die wil van God. Hoekom word almal dan nie voor die voet gered nie? Want God het rekonsiliasie/versoening aan die mens gegee. Kry jou lewe/boeke met God gerekonsilieer/versoen. Hoe gaan die sondaar dit gerkry? Deur jou gebed!!! Indien daar iets verkeerds in my lewe as kind van God gebeur, hoe gaan ek met God rekonsilieer/versoen? Deur gebed.

Deur twee onveranderlike feite staan die Woord van God vas. God kan nie lieg nie. Dit gee sekerheid aan die kerk. God spreek een keer in die hemel en een keer op die aarde en opgrond daarvan staan ‘n saak vas. God spreek in die hemel met Homself wanneer Hy ‘n eed neem omdat daar niemand groter is as Hy nie. Daarna spreek Hy hierdie eed op die aarde. bv. Die eed met Abraham. In die hemel en op die aarde , twee maal. Hier is ‘n beginsel wat ons moet verstaan. Dit word eers in die hemel bevestig en dan op die aarde. *Wat jy op die aarde losmaak is alreeds in die hemel los gemaak. Wat jy op aarde bind is alreeds in die hemel gebonde.* Jy het die sleutel op aarde! Indien jy die sleutel nie in die slot steek en draai nie, maak nie saak wat die hemel verklaar nie, dit sal nie op die aarde bevestig word nie. Jy het die woord van rekonsiliasie. Jy het die sleutel. Jy kan net op die aarde los maak wat alreeds in die hemel los gemaak is. Jy kan net op aarde bind wat alreeds in die hemel gebonde is!!!

Kyk na Springs en sê: Springs, word met God gerekonsilieer/versoen. As ons dit nie sê nie sal dit nooit gebeur nie. Jy het die sleutel!! Maak los wat los gemaak moet word en bind wat gebind moet word.

Ons is in beheer van die aardse dinge. God het aan Adam die gesag oor die aarde gegee, daarom moet ons die hemelse op die aarde proklameer. Ons kan dit doen. Ons moet dit doen. Ons gaan dit doen. Ons sal dit doen.

Kom ons maak ‘n verklaring: Ek neem beheer van elke gees wat kom om die waarheid van God van my te steel. Elke gees wat my aandag aftrek van wat God my wil leer. Ek weerstaan en verwerp elke mag van satan wat openbaringe en geestelike begrippe van God van my wil steel. Satan ek bestraf jou in die Naam van Jesus Christus. Ek bind jou werke en staan teen jou op. Gaan weg in Jesus Naam.
Nou het jy gedoen wat God wil hê jy moet doen, want jy het die sleutel. Dit is alreeds in die hemel gedoen nou bevestig jy dit op die aarde.

Vers 8 sê “vloed roep na vloed” en nie vloed roep na rivier of vloed roep na see nie. vloed na vloed, want God werk op dieselfde frekwensie nl Die Heilige Gees. As jy nie ingestel is nie, dan sal jy nie hoor wat God sê nie. Dit is nie dat God nie praat nie. Dit is nie dat God nie iets sê en geestelike aanwysings gee en rigting aandui nie. Jy sê ek hoor niks nie, want jy is op iets anders ingestel en hoor ander dinge. Jy is op verkeerde frekwensie. God praat op die frekwensie van die Gees. Die dinge van die Gees kan net geestelik onderskei word.

‘n Waarheid. Ek kan selfs nie bid indien God my nie trek om te bid nie. Wanneer jy voel ek wil bid. Dit is God wat jou trek. Dit is nie die duiwel nie, want die duiwel wil nie hê jy moet bid nie. Dit is nie die vlees nie, want jou vlees wil nie bid nie. So, wanneer jy voel jy wil bid, is dit waarlik God wat jou trek.

God roep jou om ‘n verklaring te doen van dit wat alreeds in die hemel gedoen is, op aarde. Maak los wat alreeds los gemaak is. Bind wat alreeds gebonde is, sodat God verheerlik sal word. Kom op na My toe, Ek wil jou wys wat Ek gaan doen. Hoe Ek met die duiwel gaan werk. Johannes sê: *Ek was in die Gees op die dag van die Here.* Dit is hoekom hy die stem van die Here gehoor het en Jesus sien staan het tussen die kandelare wat sê: Ek is die eerste en die laaste. Die Alfa en Omega. Johannes, skryf neer wat jy sien. Johannes het gesien wat God gaan doen want hy was in die Gees (frekwensie) op die dag van die Here.

Is jy in die Gees (frekwensie) dat God met jou kan praat en aan jou kan toon wat Hy gaan doen, of hoor jy ander stemme. God wil openbaringe gee.

Wie voel lus om te bid? Sê dan: Here, leer ons bid.

Wat ‘n tragedie indien God sou sê: Kom hier, en jy sê: Ek kan nie loop nie. Kom hoër op, en jy sê: Ek weet nie hoe nie. Ek wil julle die stad gee, en ons sou sê: Ons weet nie hoe om dit te neem nie.

Here, leer ons bid.
Hoekom is jy hier?
Omdat God jou geroep het om te bid.

HOOFSTUK 9

Sleutels van Gebed

Daar is ‘n roeping van God in ons lewes en hierdie roeping is gebed. Dit is jou en my plig om op hierdie onberoulike roeping te reageer. Ons het nodig dat God verby ons verstand (denke) sal beweeg en direk by ons harte uitkom.

Die verstand wil alles beredeneer en uit pluis, maar die hart glo God onwrikbaar. Dit maak nie saak hoe pateties of onmoontlik dit mag lyk nie. Die verstand (denke) sê: Dit is verby, onmoontlik. Die hart sê: My God is die God van die onmoontlike.

Jesus het gesê: Ontvang die Heilige Gees. Hy gee aan elke gelowige wat gedoop is met die Heilge Gees ‘n ontvangstoestel (receiver). Met hierdie ontvangstoestel kan jy die siene van God ontvang en ontsyfer en sodoende hoor wat God vir jou sê. Jy moet op God se frekwensie ingestel wees. Moenie na doemprofete luister nie. Moenie na die mens luister nie. Moenie na die politici luister nie. Luister na God!!! En doen wat Hy vir jou sê. Jy moenie links of regs daarvan afwyk nie. Jy moet God vreesloos en onverskrokke volg.

Vir ‘n wyle wil ek net weer ‘n bietjie terug gaan na dit wat ons alreeds behandel het oor die engele. Ek wil dit baie duidelik beklemtoon dat dit nie ek en jy is wat die engele losmaak en stuur nie. Dit is God wat die engele opdrag gee en stuur op grond van jou gebede na “Vader”. Hoe meer jy bid, hoe meer engele stuur God. Jou gebed is die brandstof wat hulle aanvuur om te doen wat jy van God vra.

Jy moet in die Gees bid. Jy moet jou ontvangstoestel aanskakel en op die regte frekwensie instel, anders gaan jy nie hoor wat God sê nie. *Vloed roep na vloed.* Gees roep na gees.

‘n Tornado op see is wind wat oor die water in ‘n sirkel beweeg. Hierdie sirkel beweging veroorsaak ‘n fakuum wat die water hoër en hoër opsuig. Water is ‘n tipe van die nasies. Die wind ‘n tipe van die Heilige Gees. Gen 1 sê: *Die Gees van God het gesweef op die waters.*

Wanneer God met die mens deel is dit Gees op water. Heilige Gees op mense (nasies). Daarom sê Hy: *Strome van lewende water sal uit julle binneste vloei.* Elke keer wanneer God se Gees beweeg, veroorsaak hy ‘n fakuum oor nasies wat hulle hoër en hoër optrek na waar God is.

Wanneer die Heilige Gees oor jou as kind van God beweeg trek Hy jou hoër en hoër en hoër op. En dit gebeur alleenlik wanneer vloed op vloed reageer. Wanneer die Heilige Gees wind oor jou waai, maak jou ore oop, want God gaan met jou praat. Jy moet hoor wat sê die Here. Jy moet op die regte frekwensie ingestel wees.

Jy moet weet en leer dat God nie elke keer op presies dieselfde manier met ons praat nie. God praat op verskillende maniere. Moses – brandende doringbos. Het God elke keer op hierdie wyse met Moses gespreek? Nee, maar op verskillende maniere.

Efésiërs 3:14-21
Buig ek my knieë - Hy bid.
Vader - Onse Vader
Ten volle te begryp - comprehend – ontsyfer, ingestel, om te ontvang, saam met al die heiliges wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is. Paulus sê ek bid vir jou sodat jy kan ontsyfer op watter frekwensie God praat sodat jy daarop kan ingestel kan wees.
As jy dit nie doen nie gaan jy nooit hoor nie. Jy gaan nie ontvang nie, want jy gaan nie hoor wanneer God jou roep om te bid nie. Jy gaan nie weet waarvoor om te bid nie, want jy gaan Sy stem nie hoor nie.

Kom in die Gees (frekwensie) met God. Johannes sê: Ek was in die Gees op die dag van die Here. Ons is so gewoond om net op een manier en op een pad na die deur van God te stap. Ons het ‘n steriotipe gebed. Elke dag op dieselfde tyd op dieselfde manier dieselfde gebed. Per toeval is ek op ‘n dag op dieselfde golflengte/frekwensie ingestel en God hoor en antwoord my. Daarna gaan ure en weke se gebed verby en niks gebeur nie. Dan kla ek. Die hemel is koper bokant my. God hoor of luister nie na my nie. Ek kry niks nie. Kom in lyn met God se golflengte breedte, lengte diepte of hoogte. Soek na God se frekwensie.

Instaat kan wees om saam met <u>al die heiliges</u> ten volle te begryp. Ons is tevrede met twintig voorbidders, en die ander is maar net daar. Ek wil vir jou sê: Die hele gemeente behoort ‘n duiwel verjagende, uitdrywende masjien te wees. Almal van ons moet ‘n Heilige Gees ontvangtoestel wees. Gereed om ingestel te word (TV se lugdraad moet ingestel wees, jy moet die lugdraad draai totdat jy die sein ontvang. As jy dit nie doen nie, sal jy nooit ‘n beeld en klank ontvang nie).

Die Here sê: Soek My aangesig.
U aangesig sal ek soek!!!!!

Ek reageer op die Heilige Gees, want ek verstaan daar is verskillende frekwensies of golflengtes van gebed.

Ef 3:20 *En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat <u>in</u> <u>ons</u> werk.*

Enkelinge se gebede het groot dinge in die verlede vermag, maar dink net wat kan gebeur wanneer ons korporatief of gesamentlik in eenheid ingestel is, en as eenheid bid. Dan sal God doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk

God roep ons tot enkeling maar ook as korporatiewe bidders wat tot ons VADER bid.

HOOFSTUK 10

GOD SE TYD

Romeine 8:26 *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."*

Here, leer ons bid!

Somtyds kom ons op die punt waar dit vir ons voorkom of ons gebede nutteloos en tevergeefs is. Daar kom dan nie antwoord van God af nie. Dit voel en lyk asof die hemel koper bo my geword het. Dan is dit juis die tyd om aan te hou bid en bid en bid en bid.

God se weë is nie ons weë nie en God se gedagtes is nie ons gedagtes nie. Ek wil daarby voeg God se TYD is nie ons tyd nie. Omdat God soewerein is vra Hy niemand Hoe? en Wanneer? en op watter Wyse? Hy dinge moet doen nie. Dit is waar ons as mens somtyds 'n verkeerde begrip van God mag hê. Hy sê dan: *Alles wat julle die Vader in my Naam vra dit sal julle verkry.* Maar dit lyk vir ons asof daar nou teenstrydighede is, want ons vra (bid) en niks gebeur nie.

God het Sy eie Tyd!!! Toe die volheid van die tyd aangebreek het is Jesus uit die maagd Maria gebore. Dit het op 'n spesefieke tyd gebeur, God se tyd. Nie 'n jaar voor dit of 'n jaar daarna nie. Nee in die volheid van die tyd.

God is besig met 'n besondere plan en tyd vir alles en nie ek of jy gaan God se planne deur mekaar krap nie. Daarom is dit noodsaaklik dat ons op God se frekwensie (Heilige Gees) sal inskakel om sodoende te hoor wat God besig is om te doen.

God doen niks sonder dat Hy Sy profete in kennis stel nie. Ons moet hoor en kennis neem wat God besig is om te doen, sodat ons saam met Hom kan werk en nie dat dit bevind word dat ons teen God werk nie. Daarom, Here, leer ons bid!!!

"Want ons weet nie reg wat ons moet bid nie" Laat dan toe dat die Heilige Gees deur jou begin bid met onuitspreeklike sugtinge. Die Heilige Gees is deel van die Godheid, m.a.w. Hy weet alles van en omtrent God. Hy ken ook God se tyd. Begin om jou te be-oefen om meer in tale te bid, want dan laat jy God toe om deur jou te bid. Wat 'n fantastiese gedagte "God bid deur my".

Deur die leiding van die Heilge Gees wil ek vir u sê dit is God se Tyd vir die redding van siele. Die herstel van teruggevallenis en die uitstorting van die Heilige Gees op Sy Kerk. Die werking van die vrug van die Gees asook 'n magtige openbaring en werking van die Gawes van die Gees.

Deur wie moet die Vrug van die Gees en Gawes van die Gees funksioeneer? Deur die kinders van God! Deur hulle wat onvoorwaardelik sê: Here, laat U wil geskied. Hulle wat nie gaan tou opgooi nie. Hulle, maak nie saak wat die omstandighede is nie, God bly gaan vertrou as die God wat gesê het Ek sal jou nie begewe of verlaat nie. Maak nie saak hoe pateties sake mag voorkom nie, Hy het gesê: Ek is meer as oorwinnaar!!!!

Dit is God se tyd vir Herlewing. Dit is God se tyd vir wonderwerke. Dit is God se tyd vir die bonatuurlike. Dit is God se tyd vir die onmoontlike. Dit is die tyd waar God Homself weereens aan ons gaan bewys as die Enigste Ware God. Net soos in die dae van Daniël, Sadrag, Mesag en

Abednego. Net soos in die dae van Elia, Elisa en baie meer. God gaan weer die onmoontlike doen anders is Hy nie God nie.

Wees voorbereid op aanslae van die vyand, maar hy kan niks doen indien ons onder die bloed bly nie. He is under my feet, under my feet, under my feet, under my feet. Glo jy dit werklik?

Here ek is ingestel op die lengte, breedte, diepte en hoogte om U stem te hoor en daarop te reageer. Want ek is 'n medewerker van God, die gebou van God m.a.w. die huis van God.

Jy moet verstaan en begryp ons is nog steeds besig om vir die redding van siele te bid. Ons leef aan die einde van die despensasie van tyd, die despensasie van genade en die mees belangrikste vir God is nou die redding van siele voordat die genade deur vir ewig sal toeskuif. Dit is nie nou tyd om te bid vir voorspoed nie. Dit is nie nou tyd om vir rykdom te bid nie. Dit is nou tyd om te bid: Here u dood was nie verniet gewees nie. U lyding was nie tevergees gewees nie. U bloed gestort op Golgota kan nog sondaars red, verlos, verander en nuut maak.

Dit is die hoofdoel hoekom Jesus na die aarde gekom het en dit is om sondaars te red. Jesus het nie na die aarde gekom sodat ons net 'n lekker lewe op aarde kan hê nie. Hy het gekom soos Paulus dit uitdruk; om sondaars te red van wie ek die vernaamste is.

Dit is waaroor ons gebed moet gaan. Moenie bid vir kos en klere nie, jou Hemelse Vader weet wat jy nodig het. Begin om sonder ophou te bid vir verlore siele. Red hulle van 'n ewigheid van vuur en swawel.

Bid die God van die Hemel om Sy engele te stuur om ons medemens dwars oor die wêreld in situasies te laat kom sodat daar vir hulle net een uitweg sal wees en dit is Jesus Christus.

Ons gebede moet dag en nag voor die Here God oprys. Met respek gesê ons moet God nie met rus laat nie, nie voordat ons geliefdes of ons naaste gered is nie.

Moenie nou sag word met jou gebed nie, staan vas, onbeweeglik voor God. Here maak met Suid Afrika wat u wil, maar dat daar net siele gered sal word.

Vergeet van jouself en jou omstandighede. Bid dat God siele sal red en kyk hoe God in jou omstandighede gaan ingryp.

Bid in die Gees, want die Gees kom ons swakhede te hulp en tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

HOOFSTUK 11
Deur van Gebed

Die Wil van God

Romeine 8:26 *En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.*

Johannes 14:26 *maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.*

Johannes 15:26–27 *Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig. En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is.*

Wie is die Trooster? Ja, die Heilige Gees. Die Gees wat van die Vader uitgaan. Die Heilige Gees is altyd aan die beweeg. Hy kom na ons toe, nie alleenlik met die doping van die Heilige Gees nie, met ‘n konstante stroom van krag en wysheid sonder ophou. Kan u dit in die Gees sien?

Ons weet nie reg wat ons bid nie. Die Heilige Gees tree vir ons in.

Ons moet weet hoe God oor sake voel (hoe gaan ons dit weet sonder die Heilige Gees) sodat ons effektief ons gebed kan toepas en saam met God werk. Wanneer jy in die Gees is, dan bid die Gees vir en deur jou.
Ons moet sorg dra dat ons gebed nie ‘n gewoontevormende cliché word nie. Moenie ‘n gewoonte gebed bid nie. Halleluja, Prys die Here, amen, loof God ens. Stop net hier!!! Dink ‘n bietjie. Jy het die Heilige Gees wat altyd in die teenwoordigheid van God is. Laat toe dat die Heilige Gees deur jou bid, want Hy weet wat die Wil van God is. Want Hy kom van die Vader.

Ons moet totaal op die Heilge Gees vertrou. Wat ons sê en wat ons doen moet net deur die leiding van die Heilige Gees geskied.

Romeine 12:12 *Volhard in die gebed.*
Ons moet voortdurend in ‘n staat van lof en aanbidding wees. Dit is bid sonder ophou. Dit is voortdurende, aanhoudende, volhardende gebed.

Die innerlike mens is aanhoudend besig om te praat. Wie van julle weet dit? Wie van julle praat met jouself? Hoekom, omdat jou wedergebore Gees gemaak is om mee te komunikeer. Jy kom in ‘n situasie en dan vra jy jouself: Wat gaan ek doen? Ek weet nie, ek sal maar sien. Sal ek by Edgars of Foshini die skoene koop? Edgars want hulle het die beste kwaliteit teen die beste prys. Wat gaan ek vir manlief/vroulief sê wanneer hy/sy by die huis kom? Jy praat met jouself. Hoekom omdat ons self bewus is.

God wil in al ons gedagtes wees. Hy wil hê ons moet weet Hy is van ons bewus en so moet ons van God bewus wees. Ons moet altyd sê waar gaan ons heen en nie waar gaan ek heen nie. Hy verlaat my nooit. Ek het nie nodig om alleen besluite te neem nie. Hy is altyd by my elke oomblik van elke dag. Hy is ‘n vriend wat sterker aanhang as ‘n broer. Hy is die beste raadgeewer.

Ek is aanhoudend op die drumpel van gebed. Ek is altyd gereed wanneer die Heilige Gees my mag nodig kry. Dit beteken wanneer die Heilige Gees ‘n intersessor nodig het is ek onmiddelik beskikbaar. Ek is gereed. Ek hoef nie eers vir twintig minute lof en aanbiding toe te pas nie, om sodoende in die Heilge in te kom nie, want ek is alreeds daar. Ek leef daar.

Ek is tussen die kandelaar (geloof) en die tafel met toonbrode (Woord van God), Geloof skyn op die Woord va God en dit gee my insig en bring my by die wierook altaar (lof en aanbidding).

Party bly net by die brandoffer altaar en kom nooit verder nie. Hulle bly net by sonde belydenis en sonde belydenis. Hulle bly net vergifnis vra vir dit wat hulle verkeerd gedoen het. Moenie kinders bly nie, maar word ‘n volwasse man of vrou, volwasse in Christus Jesus.

Jy is ‘n kragbron wat in die Heilige staan en wanneer die oproep kom en die Here sê: Ek het ‘n intersessor nodig. Dan antwoord jy: Hier is ek, Here. Dan begin jy in tale bid, want jy weet nie reg wat jy moet bid nie, maar die Gees tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Moenie nou met jou cliché gebed begin nie. Begin met God se Gees. Bid in die Gees. Sny verby die denke. Dit is hoekom Hy ons die Heilige Gees gegee het. ‘n Taal wat ons nie verstaan nie. Dit is onuitspreeklike sugtinge.

My Gees bid maar my verstand is onvrugbaar. Moenie probeer vetstaan nie. Moenie probeer verduidelik wat is besig om te gebeur nie. Bid net in die Gees. Don’t interfere with God. Hy weet wat en hoe om dit te doen.

Wanneer jy in die Gees bid, dan bid jy absoluut ooreenkomstig die “Wil van God”. Die Heilige Gees soek altyd die “Wil van God”. Laat toe dat die Heilige Gees deur jou roep.

Dit is nie altyd net intersessie waarvoor ons opgeroep word om te bid nie. dit kan ook die geboorte van iets nuuts wees. Die profeet sê: Hulle kom tot by die geboorte, maar daar is nie krag om te baar nie. Hoeveel herlewings, kragtige dade, wonderwerke het tot by geboorte gekom, maar daar was nie krag om dit te baar nie en dit het by ons ongesiens verby gegaan.

Dit is tye wanneer jy geweldige druk van die Heilige Gees ervaar het. Tye wanneer jy net voor God kon sug en steun. Here, ek soek u aangesig.

Onthou, God antwoord nie altyd op dieselfde manier nie. God is nie steriotiep nie. God is uniek.

Sommige bid net wanneer daar behoefte is. Dit gaan net oor wat jy wil hê. Oor dit wat jy nodig het. Dit gaan net oor jou eie behoeftes. Dan weet jy baie min van gebed af. Jy is ‘n “Ek, my” christen.

Enige baba kan ongeag of hy sy vader en moeder se taal verstaan huil vir ‘n bottel melk. Dit gaan net om homself. Eie gewin. Hy het nie ‘n saak met enige iemand anders nie. Maar jy sal nie ‘n baba op die regbank aanstel om jou vir ‘n moord saak te verdedig nie.

Baie dink God woon daar ver. Hy weet niks wat op aarde aangaan nie. Hy weet nie wat is besig om hier te gebeur nie. Here, help. Here, as u maar geweet het wat hier aangaan. Jesus, help my asseblief ek is in die moeilkheid.

GOD WEET ALLES!!!!!

Jesus sê: Moenie soos die heidene bid nie. Die ydelike herhaling van woorde dat hulle deur hulle baie woorde verhoor sal word. Jou Vader weet jy nodig het. (Matt 6 : 8) So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die Hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied. Jy moet so na God toe kom: Ek weet, U weet wat ek nodig het. U weet beter wat ek benodig meer as wat ek weet wat ek benodig.

Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied. Ek kom na u toe om uit te vind dat dit wat ek nodig het, enige iets te doen het met dit wat u wil doen in die hemele. M.a.w. is dit u wil? Indien dit iets is wat alreeds in die hemele is, dan kan ek met vrymoedigheid dit op aarde spreek en seker wees ek gaan dit verkry (genesing, redding, beskerming, wysheid ens).

Dit is die vertroue, indien ek enige iets vra volgens Sy Wil sal dit my tebeurt val.. Vind uit wat God wil doen en bid dan daardie gebed. Mediteer oor wat God wil doen! Weet jy wat is

mediteer? ‘n Koei mediteer. Het jy al ‘n koei gesien mediteer? Herkou. ‘n Koei herkou wat sy geëet het (herkoukie).

Begin om oor God se Woord te mediteer (oordink). Eet en eet en eet en eet God se Woord, bedink dit en oordink dit, herkou dit. Dit is deel van gebed!!!
Wanneer jy op jou bed lê en jy mediteer oor God se Woord, dan is jy besig met gebed. Gebed is nie jy moet op jou knieë staan en ‘n formele gebed bid nie.

Bid sonder ophou. Voortdurende, Aanhoudende Gebed.

HOOFSTUK 12
Die Reukofferaltaar

Exodus 30:1–10

Waar vind ons die reukofferaltaar? Reg voor die voorhangsel. Hierdie obstruksie/skeiding waardeur ons altyd in gebed wil deurbreek is tipies die voorhangsel. Dit is die voorhangsel wat die priester in sy alledaagse taak van die Allerheiligste skei waar die shikaine heerlikheid van God is.

Maak vir jou ‘n klein altaar (trouens die reukofferaltaar is die kleinste van die meubelment in die tabernakel) en plaas dit reg voor hierdie obstuksie die voorhangsel. Die ingang na die Allerheiligste waar niemand net mag ingaan nie. Dit was net vir die Hoëpriester beskore om een maal per jaar daar in te gaan met die bloed van die sondoffer, om versoening te doen vir die volk se sondes.
Die dag toe Jesus Christus aan die kruis op Golgota gesterf het is hierdie obstruksie/skeiding die voorhangsel in twee geskeur. Die skeiding is uit die weg geruim na die Allerheiliste waar die heerlikheid van God woon in die verbondsark. Die verbondsark met die bloeiende staf van Aaron – Lewe uit die dood; Goue kruik met manna – Brood van die lewe; Kliptafels met die wette van God – God se onveilbare Woord in ons midde. Al hierdie dinge is tipes van Jesus en het na Jesus verwys.

Die Tabernakel in sy geheel verwys na Jesus die Seun van God. Die meubelment is in die vorm van ‘n kruis gerangskik. In die voorhof die Brandofferaltaar, daarna die Koperwaskom, dan in die Heilige die Goue Kandelaar links en reg is die Tafel met die Toonbrode en in die middel voor die voorhangsel die Reukofferaltaar en in die Allerheiligste die Verbondsark. Iets interesant, op al die meubelment wat bloed besprinkel is is die plekke waar die liggaam van Jesus gebloei het. Dit is die pad wat God vir die mens oopgemaak het om een met Hom te word.

Ons gaan vanaand na die hart van God kyk wat regvoor die voorhangsel staan. Die Reukofferaltaar. Op hierdie altaar moes daar ‘n mengsel van speserye en olie, salfolie gegiet word. Dit is ‘n altaar om reukwerk op te brand.

Wat is nou so belangrik omtrent hierdie altaar en die brand van speserye (reukwerk)? U gaan nou uitvind.

Exodus 30:8 *En as Aaron teen die aand die lampe opsteek, moet hy dit aan die brand steek as ‘n <u>voortdurende</u> reukwerk voor die aangesig van die Here in julle geslagte.*
Voortdurend – bid sonder ophou, aanhoudend. Reukwerk is gebed!!!! Ek gaan dit aan u bewys.

Vers 10 *En Aaron moet een maal in die jaar aan die horings daarvan versoening doen; met die bloed van die sondoffer van versoening moet hy een maal in die jaar daarvoor versoening doen vir die geslagte. Hoogheilig is dit aan die Here.*
Dit is nie ‘n offer vir sonde of vergifnis nie. Versoening vir sonde en vergifnis vind ons by die brandofferaltaar. Reukofferaltaar is nie ‘n altaar vir sonde belydenis nie. Dit is ‘n altaar om reukwerk op te brand.
Wat is Reukwerk? Exodus 30:22–38. Dit is die beste speserye (Meervoud). 500 sikkels fyn mirre, 250 sikkels geurige kaneel, 250 sikkels kalmoes, 500 sikkels kassie en ‘n hin olyfolie. Vers 25 *Maak daarvan heilige salfolie, ‘n salfmengsel soos ‘n salfmenger dit maak; heilige salfolie moet dit wees.* Die Salfmenger/Apteker moes verskillende speserye neem en salfolie meng. Speserye in spesifieke mate en gewigte nie soos hy goed gedink het nie, maar soos God beveel het.
Waar het hulle die speserye gekry? Die wortels van ‘n sekere boom is afgeskraap – kalmoes. Kaneel het van ver lande gekom. Die binneste sagte gedeelte van ‘n sekere boom waar die lewens sappe van die boom gevloei het is geneem – kassie. Die salfmenger neem al hierdie verskillende speserye plaas dit in ‘n bak en begin dit meng. Hy maal dit fyn, roer dit deurmekaar gooi olie by totdat dit ‘n salfolie is. DIT IS DIE SALFMENGER SE WERK.Jy kry nie reukwerk deur dit soos ‘n vrug van ‘n boom af te pluk nie. Jy kry ook nie reukwerk deur ‘n gat in die grond te maak soos ‘n put waar jy water kry nie en sê dit is salfolie nie. Jy moet dit self maak! Van verskillende substansies. Dit is om dinge/substansies bymekaar te voeg.

Ps 141:1–2 *Here, ek roep U aan; kom tog gou na my toe; luister na my stem as ek U aanroep. Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.*
God vereis dat daar sekere hoeveelhede van sekere substansies teenwoordig sal wees. Dit wat ek alreeds vir jou geneom het asook storaksgom, naeltjies, galbanum – speserye, suiwer wierook met sout gemeng (Ex 30: 34-35). Wat is storaksgom? Dit is wanneer die bas van ‘n boom beskadig word, ‘n tak afgebreek word m.a w. die boom seer gemaak word en die boomsappe uitloop en taai word. Wanneer die boom bloei. Dit is gom.
Jy kry iets van die wortel – fondasie. Iets van die sagte binneste – die hart. Iets van gom – wond/seer. Iets van die tak – voorspoed/vrug van die boom ens. Meng dit alles uit elke fase van jou lewe saam en jy het reukwerk

Indien jy net vir seëninge, voorspoed, geluk bid wil ek vir jou sê dit maak nie reukwerk nie. Jy moet Hom dankbaarheid kan gee in ALLES. Selfs wanneer jy so seer het dat jy nie kan praat nie, jou moeder is miskien oorlede. Jy het jou werk waar jy al 25 jaar lank werk verloor. Jy ween voor God oor omstandighede. Moenie net treur nie. Tel dit op, plaas dit in ‘n bak en meng dit alles met mekaar. Maak daarvan ‘n reukwerk vir God. Jy is ‘n salfmenger!!!
Meng dit alles met soet speserye – kaneel – dit is die spesery van die huweliksbed. Dit is eenwording met God. Kry dit alles bymekaar meng dit met mekaar voeg die olyfolie (Heilige Gees) by en jy het reukwerk wat God van Sy troon laat opstaan en jou by die reukofferaltaar ontmoet.

“Waar Ek met jou sal saamkom”.

HOOFSTUK 13
Die Reukoffer Altaar

Ons het al die verskillende speserye volgens God se opdrag (Ex 30:1-38) saam gemeng soos die salfmenger/apteker dit meng. Ons het die olyfolie daarby gevoeg. Sodoende het ons reukwerk verkry wat God van Sy troon laat opstaan en ons by die reukofferaltaar ontmoet. "Waar Ek met jou sal saamkom" (Ex 30:6)

Ons weet nou hoe God na ons toe kom, *maar ons wil na God toe gaan in die Allerheiligste,* dit is ons mikpunt, ons einddoel.

Weet ons wat die geur van ons gebede is wat God sal behaag?
Moontlik nie, maar God weet!!

God weet wat kom kort in my salfolie mengsel en dit is dit wat God toelaat om in my lewe te gebeur.

Wat met my gebeur mag verskil wat met jou gebeur, want ons verskil van mekaar.

Wat is die tekort in my lewe? Is dit fondasie. Is dit aanbidding. Is dit moontlik wonde (seer). Is dit dalk kaneel (eenwording met God). Jy het net 150 sikkels, dan sê God hier is nog 100. Hy gee, en gee, en gee totdat alles in die regte hoeveelhede of verhouding met mekaar is.

DIT GEE JOU TOEGANG TOT DIE ALLERHEILIGSTE!!!!!!!!!!

Het jy al 'n reukwerk gebed gebid? Pasop 'n klein verkeerde dingetjie maak jou hele gebed vir God onaanvaarbaar. 'n Vlieg in die apteker se salf maak die salf sleg (dit stink). Klein dingetjies, verskonings op verskonings in jou gebedslewe maak dat jou gebed nie reukwerk is nie, maar 'n onwelriekende geur, onaanvaarbaar vir God.

Dit is ook nie al nie. Ek het altyd gedink Lof en Aanbidding was die reukwerk op die reukofferalteer. Lof en Aanbidding is die Krag/Force, die intensiteit, die vuur. Die reukwerk is GEBED!!! Gebed is die substansie, die aroma, die geur wat God nodig het. Lof en Aanbidding lig jou gebed hoër en hoër en hoër op na God.

Mense wat nie bid nie offer leë, doellose, minderwaardige aanbidding aan God.

Die lof en aanbidding in die gemeente is 'n baie opgewonde, energieke en lewendige ding om te doen. Die musiek is fantasties, dit wek my op en spoor my aan om nog meer te doen. Dit is soms onordelik en grens aan pandemonium. Jy geniet jouself in die Here.

MAAR indien jy nie 'n bidder is nie bly dit net hier en kom dit nie by God uit nie. Die opgewondenheid wat jou laat spring van lekker is die krag/force, die vuur. Vuur se hitte gaan altyd opwaarts. Lof en aanbidding is die vuur op die reukofferaltaar, maar indien daar nie salfolie/reukwerk op die altaar is waar die vuur is nie, dan is daar geen geur voor God nie.

Mense wat net wil Aanbid en nie Bid nie is klinkende metaal en luidende simbale wat net 'n groot geraas maak.

In Openbaring sien ons hoe die engele in die hemel aanhoudend, sonder ophou salfolie op die reukofferaltaar giet. Moses se tabernakel is maar net 'n skaduwee van die ware Tabernakel in die hemel. Die Tabernakel wat in die hemel is, is die Tabernakel (Huis) wat God gebou het.

Wanneer die heerlikheid van God in die hemel skyn dan val die skadu van die Hemelse op die aarde en dit lyk soos Moses se tabernakel, maar die regte Tabernakel is in die Hemel. Dit is hoekom, toe Jesus uit die dode opgestaan het, Hy vir Maria gesê het: Moenie My aanraak nie, Ek het nog nie opgevaar na my Vader toe nie.

Hoekom kon Maria hom nie aanraak nie? Die wet van die Tabernakel het vereis dat nadat die Hoë Priester die bloed van die sondoffer opgevang het in 'n skottel niemand hom mag aangeraak het totdat hy die bloed regdeur die tabernakel gesprinkel het tot in die Allerheiligste nie. Indien iemand hom sou aanraak was die sondoffer onheilig.

Jesus ons Hoë Priester volgens die orde van Megisedek moes eers met Sy eie bloed tot in die Allerheiligste gaan. Jesus kom terug en sê vir Thomas: Kom druk jou vinger in My hande en jou hand in My sy – Kom raak aan My. Ek het klaar die prys betaal en dit is deur die Hemel aanvaar.Hy moes Sy eie bloed in die Hemelse Tabernakel sprinkel om versoening vir ons sondes te doen. Die skeiding (sonde) tussen ons en God moes uit die weg geruim word. Die sonde offer is aanvaar. Die voorhangsel skeur. Die pad na God is oop.

Dit wat Moses gedoen het en ons nou doen is maar net 'n Tipe/Skaduwee van dit wat in die Hemel gebeur.

Weet jy wat gebeur in die Hemel? Die Engele giet salfolie op die reuofferaltaar.
Wat is hierdie salfolie?
Openbaring 5:7–8 ….goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.
Openbaring 8:3 ….. om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê.
Psalms 56:9 ….. hou my trane in u kruik…..

Elke keer wanneer jy voor God huil in intersessie en gebed vang die engele jou trane op. 'n Traan vir die lewe wat jy gelei het voot jy Jesus ontmoet het. 'n Traan vir skuld wat God nie wil hê jy moet etvaar nie. Wanneer jy huil van 'n stukkie wortel, van 'n wond/seer gom, gebreekte hart, 'n dankbare gees. Dit alles saam is die salfolie wat die engele gebruik as reukwerk in die hemel.

DIE GEUR WAT GOD BEHAAG.

HOOFSTUK 14
Doelgerigte Gebed

<u>Psalm 5</u>

Waarmee word jy wakker? Of, wat is die eerste ding wat jy doen nadat jy wakker geword het?

Skakel jy die TV of radio aan? Met ander woorde jy begin met die negatiewe slegte nuus van die wêreld.

Waarmee jy vroeg in die more begin bepaal jou uitkyk, jou gevoel, jou hartstog, jou leefwyse, jou moraal vir die dag.

Kyk of luister jy na die nuus voordat jy bid? Lees jy die koerant voordat jy die bybel lees? Die wêreld breinspoel die kerk. Jy dink net aan moord, skakings, roof, korrupsie, geld waarde, petrol prys, rentekoerse ens.

Die negatiewe dinge van die wêreld is ‘n geestelike moordenaar. Dit vermoor jou verhouding met God en die Heilige Gees. Die satan het dit reggekry dat ons die dag begin en eindig met die negatiewe dinge van die wêreld. Hy blokkeer jou gees om met die Gees van God te vloei.

Wanneer jou dag so begin dan is dit baie moeilik om ingestel te wees op die geestelike. Jy vrees vir elkeen wat na jou aangestap kom. Gaan jy aangeval word? Gaan daar ‘n pistool teen jou kop gedruk word? Die motor voor, agter, langs jou gaan hulle nie probeer om jou te skaak nie? Wantroue en haat neem van jou besit en jy word daardeur regeer.

Daarom sê Koning Dawid in Psalm 5:4 “In die more, Here, sal U my stem hoor; in die more sal ek dit aan U voorlê en afwag.”

Jou gebed moet alreeds vroeg in die more begin. Voordat enige iets anders gedoen word. Voordat jy die koerant opneem moes jy alreeds tyd met die Woord van God spandeer het. Ons moet bid omdat hierdie wêreld en ons land in ‘n chaotiese toestand is.

Jy moet bid omdat jy God se stem gehoor het en God jou gees opgewek het.
Dawid sê: Vroeg in die more sal ek my stem laat hoor en aan U voorlê. Ek sal my gebed tot God rig.”Rig” beteken: Ek gaan op God alleen fokus. Met ander woorde Dawid sê: Ek gaan dit elke oggend doen. Ek gaan vroeg elke oggend net op God alleen fokus. Ek gaan by God rigting kry. Ek gaan by God hoor. Ek rig my oë na U o God, want daar is krag, sterkte, heerlikheid, wysheid ens.

U is hoog bo alle dinge. U o God is verhewe en ek wil met my gebed U naam verhoog sodat U heerlikheid die aarde kan vul. Wanneer ons, onsself na God rig, kyk ons op en fokus op hoër dinge en nie die dinge van hierdie wêreld nie.

Ons moet “TOWDAH” Ek wil die Here loof, prys. I will bless the Lord. TOWDAH beteken om dankbaar te wees en dankie te sê oor dit wat ek van God weet. Ek rig my gebed na God.

Ons moet spesefiek in ons gebede wees. Algemene gebede verkry algemene antwoorde. Gebed sonder ‘n doel verkry doellose antwoorde. Gespesefiseerde gebede verkry gespesefiseerde antwoorde.

Die Skrif sê ek sal in die Gees (tale) bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Moenie in die gewoonte verval om net in die Gees te bid nie. Na ‘n tyd van in die Gees bid stuur God ook antwoorde. Die Gees ondesoek alle dinge ook die dieptes van God. Dan begin ek met die verstand bid en sodoende openbaar God Sy wil aan my.

Wat doen die Heilige Gees terwyl ek in die Gees bid? Hy gaan soek en vind ‘n oop deur na God maw die wil van God. Dan kom Hy terug na jou toe om jou daarheen te neem. Die Heilige Gees is soos radar. Stuur ‘n sein uit en dit tref ‘n voorwerp en keer terug. Die tydsduur tussen die stuur en terugkeer van die sein is gelyk aan distansie. Gebed seine stuur jy uit na God en die Heilge Gees kom met die antwoord terug na jou toe.

Ek rig my gebed opwaarts na God. Dit is die eerste ding wat ek doen voor enige iets anders. Ek bid voor die nuus en koerant. Wanneer ek klaar gebid het dan kan ek indien ek nog so daarna voel nuus kyk/luister en koerant lees.

Daar is tye wanneer ons ons totaal moet afsny van die wêreld en net tyd met God spandeer. Dit is sulke tye dat jy opnuut besef God lewe, Hy hoor, sien en weet van my. Tye waar jy intiem met God verkeer. Tye waar jy jou diepste geheime met Hom deel. Tye waar jy jou tekortkominge en behoeftes aan God bekend maak. ‘n Tyd net tussen God en jouself.

Hoekom? Sodat wanneer God met my praat dat die negatiewe aardse dinge nie my gedagte wêreld oorheers nie. Sodat ek duidelik kan hoor en sodoende op God se stem kan reageer. Want gehoorsaamheid is beter as offerhande en te luister beter as die vet van ramme.

Voorbeeld: Jy ry werk toe. Jy het jou tyd baie fyn gesny. Jou tyd is beperk. Die vyfde robot wat jy kry is ook rooi. Jy is rooi onder die kraag. Jy sê die robot sleg, die verkeers afdeling want dit is hulle skuld dat daar so baie robotte is. Nou is alles en almal verkeerd. Begin om God te loof, eer en aanbid vir elke rooi robot. Begin God loof vir elke taxi op die pad. Raak God bewus en nie selfbewus nie. Kyk op!

Hoekom is sommige dae so deurmekaar, want ons begin die dag met ‘n koppie koffie en slegte nuus. Die TV, koerant, nuus, tydskrifte gee 99% net slegte nuus. Moord, verkragtings, motorskakings, oorlog, armoede, hongersnood, siektes ens.

Kom ons raak vroeg in die more God bewus. Hoe? Deur die Bybel en gebed!! Dit is goeie nuus.

In die more, Here, sal U my stem hoor; in die more sal ek dit aan U voorlê en afwag.

HOOFSTUK 15
Doelgerigte Gebed

Jesus Leef! Doelgerigte gebed is om God bewus te raak. Om Hemel bewus te raak. Word intens bewus van die positiewe en nie die negatiewe nie. Moenie na die wêreld en die dinge van die wêreld kyk vir ‘n oplossing nie. Moenie die wêreld vir raad vra nie. Moenie na die wêreld kyk vir rigting nie. KYK NA GOD.

Ons moet ons gebed na God en God alleen rig. Wanneer ek wakker word in die oggend is dit die eerste ding wat ek moet doen. Ek moet my aangesig na God rig met lof, aanbidding en gebed. Die eerste woorde wat oor my lippe moet rol is: Goeie more Pappa,Vader. U is geheilig, heilig, heilig. Baie dankie vir hierdie nag van rus en baie dankie vir ‘n wonderlike dag wat u my gun. Jy moet jou gees rig om op God alleen te fokus.

Indien jy die dag begin deur te dink en te wonder wat sal ek vandag eerste doen. Of, wat moet alles vandag gedoen word. Met ander woorde jy begin jou dag met aardse dinge. Dan gaan jy uitvind wanneer jy vannaand in die bed klim dat jy die hele dag net met die aardse en wêreldse, tydelike bewus was. Jy is self bewus (wat kan ek doen) en nie God bewus nie (wat wil God hê moet ek doen).

Die verskil lê hierin. Wanneer jy die dag met God begin. God bewus raak. Dan hoef jy nie te redeneer hoe, waar, wanneer, met wat gaan ek dinge doen nie. Nee, dan word jy deur die Gees gelei. Die Heilige Gees verskaf rigting in jou lewe. Die Heilige Gees verskaf antwoorde op jou vrae. Die Heilige Gees wys jou op gevare, slaggate, strikke wat die duiwel vir jou span. Jy maak dan nie op jouself staat nie, maar jy maak op God en die Heilige Gees staat.

Begin jou dag met God (Vader , Seun en Heilige Gees). Here, ek weet daar is dinge wat gedoen moet word. Daar is besluite wat geneem moet word. Here, ek is maar net menslik, maar U is in beheer van my totale lewe. Wanneer jy so begin sal God verseker met jou praat en rigting gee aan jou lewe. Maar jy moet God wil hoor anders gaan jy Hom nooit hoor nie. Wanneer jy God se stem hoor moet jy gehoorsaam wees om te doen wat God vir jou sê.

In die aand wanneer jy op die bed gaan lê om te slaap, praat met die Here. Sê vir die Here: Here, ek gaan nou slaap, maar gee vir my in my slaap goddelike en geestelike drome. Sommige kere droom ons soveel snert. Hoekom? Omdat ons nie met God gepraat net voor ons gaan slaap het nie. Ja, rig jou aangesig, jou woorde, jou verlange, jou begeertes, alles na God. Gee jou onderbewussyn opdrag om God bewus te raak. Here, my hele wese moet God bewus raak. Ek is ontvanklik vir dit wat u my wil gee. Al is dit ook in my slaap. Ek Gaan my oë toemaak, my gedagtes afskakel, want ek wil dat U o God met my sal wees. Met my sal praat. Vir my rigting sal aandui. Ja Here, ek wil dag en nag God bewus wees.

Dit is doelgerigte gebed. Jy weet presies wat jy van God verlang en jy gee jouself oor aan hoe God jou lei, hetsy dag of nag. Nou het die bedrieër, duiwel, leuenaar, mense moordenaar, slang geen inkom kans nie, want God is en bly in totale beheer.

Joël het geprofeteer en gesê: Julle sal gesigte sien en drome droom. So Here, praat met my in die nag. Wys my wat U wil doen en wat moet ek doen. Here, kom verby my denke, my redenasies, my menslike. Somtyds weet ons nie wat om te doen nie. Daar is soveel probleme, soveel antwoorde wat verkaf moet word en jy het geen idee nie. Maar wanneer jy in die oggend wakker word dan het God jou deur die nag antwoorde gegee. Die Psalmis sê: God gee dit aan Sy bemindes in hulle slaap (Ps 127:2). Doel gerigte, gespesifiseerde gebed werk ook wanneer jy slaap.

God sal jou nooit teleurstel wanneer jy op Hom vertrou nie. Menigte antwoorde het in die nag na mense gekom. Hoekom? Want jou eie denke is dan pasief en God kan dan in jou gees vir jou die oplossing gee.

Jy plaas jou gebede op “Auto-pilot”. God gerig. Doel gerig. God bewus. Jy fokus op God alleen. Ek gee my onderbewussyn opdarg om sonder ophou te bid. Al is ek en my bewusste aan die slaap, gaan ek deur my onderbewussyn op God gefokus bly.

Dan, wanneer ek wakker word gaan ek nie toelaat dat enige iets tussen my en God inkom nie. Nie die TV, nuus of koerant nie. Ek word wakker met ‘n Hemelse taal op my lippe, want my hele wese is God gerig. U is die Alfa en Omega. U is my Geneesheer, my Voorsienner, my Wysheid, My Krag, my Sterkte, my Oorwinning, my Lig, my Heil. U is die Lelie van die dale, die blink Morester, die Skoonste uit tien duisend. U is my alles, in alles en deur alles.

Dan neem die duiwel met groot hartseer kennis dat hy niks teen jou kan uitrig nie, want God is jou bewaarder en beskermer. Jou Vader en verlosser. En jy doen niks sonder dat jy God raadpleeg nie. So die duiwel is in skaakmat. “*Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap en oor al die krag van die vyand en niks sal julle ooit skade doen nie.”*

Maar die eerste ding wat ek bewusstelik doen moet God gerig wees. Dit moet op God alleen fokus. Sulke gebede word ‘n leefwyse met God.

Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie en Sy weë is nie ons weë nie. Sy gedagtes is hoër as ons gedagtes en Sy weë is hoër as ons weë.
Om jou gebed na God te rig is; om aanhoudend sonder ophou God se gedagtes en weë te soek. Dit te vind en daarin te leef.

So moet julle dan bid "Onse Vader"

HOOFSTUK 16
Doelgerigte Gebed

Doelgerigte gebed is gebed met skeppings waarde. Deur gebed is jy besig met aanhoudende konstante skepping. Met ander woorde gebed het skeppings krag. Hoe meer ek en jy met doelgerigte gebed bid hoe meer is ons besig om deur God dinge te skep. Ons roep die dinge wat nie bestaan nie asof hulle bestaan. (Rom 4:17)

Net dit wat jy sê sal jy verkry (Mark 11:23) Alle dinge is moontlik vir die een wat kan glo (Mark 9:23) Niks is vir die kind van God met doelgerigte gebed onmoontlik nie. Geloof is nou nie meer 'n faktor nie.

Jy glo, want jy is God bewus. Jy glo, want jy is op God en God alleen gefokus. Jy glo, want jy is van God se totale grootheid bewus. Jy is bewus van Sy almag. Jy is bewus van Sy alomteenwoordigheid. Hy kan nie faal nie. Dit is onmoontlik, Hy kan jou nie teleurstel nie. Omdat God nie kan faal nie en jy in Hom verborge is, kan jy ook nie faal nie.

Doelgerigte gebed bring jou in die teenwoordigheid en geselskap van die Almagtige, Onveranderlike, Alomteenwoordige, Alweetende Skepper van hemel en aarde, die alleenwyse God. Dit maak dat ek in Christus in hemelse plekke sit. Dit word 'n leefwyse!!!!!

Die groot vraag op ons lippe is. Hoekom bid ek en jy vroeg in die more? Of hoekom moet ons vroeg in die more bid? Eerstens is die om jou aangesig na God te rig sodat ons Hom en Hom alleen sal sien, asook om ons gebed na God te rig. Ten tweede, jou hele dag, jou hele lewe, trouens jou alles word daar deur bepaal. Alles word bepaal hoe jy jou dag begin. Begin jy jou dag met die negatiewe dan word jou hele dag deur die negatiewe beheer. Begin jy jou dag met die positiewe, met God word jou hele dag deur God beheer. Hoe jy begin bepaal wat met jou gebeur. Dit is so maklik soos dit.

Wat God aangaan is 'n dag, vanaf die oggend tot die aand. Dit is by God 'n dag. Hy beveel die priesters om vroeg in die more die offer gereed te maak en aan die brand te steek. Die aandoffer is maar net 'n hernuwing van die oggendoffer. Dit wat jy in die aand offer is maar net 'n ekstensie van dit wat jy in die oggend ge-offer het.

Indien jou oggendoffer aards of wêrelds gebonde is sal jou aand offer aards en wêreld gebonde wees. Indien jou oggendoffer God gerig en hemel gebonde is sal jou aandoffer God gerig en hemel gebonde wees. In die more bepaal elkeen van ons self wat gaan vandag met my gebeur en hoe gaan ek my dag afsluit. As God vir my is, wie kan teen my wees!!!!

Vroeg in die more moet jy eers die as van die vorige dag se offer afhaal. Alles wat oorgebly het van die vorige dag se offer moet verwyder word. Niks mag agterbly nie. Ek moet elke dag vars met God begin. Gister is vir ewig verby. More is nog nie hier nie. Dit is vandag wat saak maak. Daarom sê God ook vir Moses: sê vir die volk "EK IS" het jou gestuur. Dit waarmee jy vroeg in

die more mee begin het is dit waarmee jy die dag gaan eindig en vir die aandoffer gaan jy maar net nog ‘n paar stompe op die vuur gooi om jou die nag deur te sien.

Dit is die oggend offer wat saak maak. Die gebed wat jy heel eerste in die oggend bid is die belangrikste van daardie dag, want dit bepaal die rigting vir die dag. Goed of sleg.

Wanneer jy die dag met God begin sal jy die dag met God afsluit. Dit is hoe jy die dag begin wat bepaal hoe jy die dag gaan eindig. Begin met God, eindig met God. Begin met die dinge van die wêreld, eindig met die ding van die wêreld.

Jy staan vroeg op vir rugby, krieket, boks ens ens ens, daardie hele dag word daar deur oorheers. Dan kom baie keer die vraag aan die einde van die dag wanneer dinge nie so vlot verloop het soos jy dit graag wou hê nie, Here, hoekom? Hoekom het hierdie onsmaaklike dinge vandag met my gebeur. Here, hoekom is daar onmin tussen my en my gade, tussen my en die kinders ens. ek het dit nie so beplan nie. DIT IS HOE JY DIE DAG BEGIN HET EN SOOS JY DIT BEGIN HET SO SAL DIT EINDIG.

Raak God bewus. Rig jou gebed en lewe na Hom. Fokus op Hom en Hom alleen.

Toe die Here God die volk met manna gevoed het moes hulle vroeg in die more opstaan om dit bymekaar te maak. Hulle moes elke dag bymekaar maak die hoeveelheid wat nodig was vir die dag. Hulle kon nie in die middag of in die aand manna gaan optel het nie. Dit moes spesefiek vroeg in die oggend gedoen geword het. Die manna het vroeg in die more soos dou op die gras gelê. Dit was hemelse voedsel. Dit was kos.

Wat is Manna? Manna is om op God te fokus. Dit is om elke oggend te doen wat God gesê het. Nie vrae te vra nie, nie murmereer nie, nie kla nie. Net te doen en dit elke oggend te doen. Dit is om God totaal gehoorsaam te wees.

Jy kan nie een oggend manna optel wat genoeg sal wees om jou die hele week te hou nie. Elke more moes jy vars manna gaan haal het. Gister se manna het sleg geword. Dit is net nie meer goed genoeg nie.

Gister se gebede is nie meer goed genoeg vir vandag nie. Jy kan nie op gister en laas week se gebede leef nie. Jy leef op vanoggend se vars gebed.

Elke more moet ek opnuut vars op God fokus. Ek moet myself op God instel. Ek moet God bewus raak. Ek moet op God konsentreer. Ek moet my aangesig en gebed na God rig.

HOOFSTUK 17

God roep na Adam en Eva en nie hulle na Hom nie.
God kom na hulle toe en nie hulle na God toe nie.

Die hartseer antwoord of respons volg hierop. Ons het U stem gehoor, maar ons het onsself vir U verberg. Ons kruip weg. Dit is die verhaal van die gebroke mensdom.

Die mens hoor Sy stem, maar kruip weg. Die mens kruip weg agter verpligtinge. Here ek kan nie nou antwoord of na U kom nie want hierdie of daardie verpligting is meer belangrikker as dit. Ek het verpligtinge met my kinders se skool werk, sport verpligtinge ens ens ens. Die mens kruip weg agter die huis. Here ek moet was en stryk, huis skoonmaak, verf, herstel werk ens. jy kruip weg agter jou werksomstandighede, man/vrou, kinders ens. Die mens kruip weg in ‘n oerwoud van sonde.

Dit, wat dit ookal mag wees, wat jou van God se roepstem af weghou. Dit wat jou weerhou om na God toe te gaan om met Hom gemeenskap te hou. IS SONDE

Ons lewe in ‘n wêreld waarin alles anders, as God, saakmaak. God is nie eers in baie se gedagtes nie. Hulle leef asof God nie bestaan nie. Hy roep maar hulle antwoord glad nie. Hy wandel in die koelte van die aandwindjie, maar niemand kom na Hom toe nie. Hoekom nie? Die mens is nie volkome op die Heilige Gees ingestel nie.

Ons staan in die oggend op en al wat ons hoor is wat sê die satan. Slegte nuus. Die wêreld in ‘n gemors. Die kerk is in ’n gemors. Jou huwelik gaan dit nie maak nie. Jy probeer so hard , maar hoe meer jy probeer hoe groter word die probleem. Hoe meer baklei julle soos kat en hond. Jou werksomstandighede. Jy word pessimisties, depresief. Ag alles is verkeerd. Hoekom? Jy luister na lucifer, satan, duiwel, slang, leuenaar, dief, moordenaar.
OF
Jy is ingestel op die Hemelse. Jy hoor God se stem. Jy hoor die Woord. Jy word Hemel bewus. Jy word God bewus. Jy fokus op God. Jy word optimusties, positief. Jy is in Hemelse geselskap. Hy gee elke more Manna en ek en jy moet dit gaan optel.

Gister se gebede en mooi dinge wat jy gedoen het is vir ewig verby. Dit wat jy more wil doen en dit waaroor jy more wil bid en dit wat jy more wil gee is nog nie hier nie. Dit beteken niks nie. Dit wat jy NOU bid, NOU doen, NOU gee is wat tel.

Gister het jy met God gewandel, gepraat, geleef. Indien jy vandag in ‘n terug gevalle toestand is beteken gister se wonderwerke vir jou niks nie. Die lewe wat jy nou leef. Die gebed wat jy nou bid. Die verhouding wat jy nou met God het is dit wat absoluut saak maak.

Dit is hoe jy vroeg in die more begin wat bepaal hoe jy die dag werklik gaan afsluit. Dit is hoe jy die dag begin om met God te praat, met Hom te wandel en met Hom te leef. Met ander woorde dit is ‘n elke dag Nuwe lewe. Nuwe verhouding. Nuwe gemeenskap. Nuwe gbed. Nuwe fokus. Alles moet elke dag nuut begin. Dit is hoekom Sy Naam “EK IS” is. Altyd nuut. Altyd teenwoordig.

Jesaja 64:1–3 *“Ag, as U maar die hemele wou skeur, wou neerdaal, dat die berge wankel voor u aangesig – soos vuur die houtjies aan die brand steek, vuur die water laat opborrel – om u Naam aan u teëstanders bekend te maak, sodat nasies voor u aangesig kan bewe wanneer U vreeslike dinge doen waar ons nie op gehoop het nie – as U maar wou neerdaal, sodat die berge wankel voor u aangesig!”*

Ons het ‘n ingryping van God Almagtig regstreeks uit die hemel nodig. Dit is ook ons gebede aan God. Ons vra dat God iets drasties in ons land, ons lewens, ons families moet doen. Wanneer God begin om dinge te doen soos Hy dit wil doen en God begin werk dan skrik ons ons boeglam, want God werk nie soos ons dink dit moet wees nie. Nee, Here, net nie dit nie. U moet net nie so werk nie.

Ons bid: “Here laat U wil geskied”. Maar dan verwag ons God moet dit doen soos ons dit gedoen wil hê.

Here, ek het vroeg in die more u my stem laat hoor. In opregtheid het ek u aangesig gesoek. Ek het in eerlikheid tot u gebid. Nou loop alles verkeerd. Dit lyk vir my net die teenoorgestelde gebeur wanneer ek bid. Ek gaan nie meer bid nie. Nee, moenie ophou nie. God is besig om te werk soos Hy wil.

Somtyds besoek God ons en dinge gebeur, die berge bewe, die winde waai, die see is in beroering, daar is storms wat woed, jou siekte word net al erger. Ons verstaan dit nie en ons weet nie dit is God wat besig is om ons te besoek nie. Staan stil, tel jou kop op, fokus op Hom. Sien Hom raak. Dit is Jesus wat in die storm na jou toe aangeloop kom. Hy het die vermoeë om alles in jou en om jou te verander.

Jakob het die nag met God deur gebring. Hy het met die Engel van God die nag deur geworstel. Toe dit more word sê die Engel vir hom: “Los my” Jakob sê; Ek sal u nie los nie, nie voordat u my geseën het nie. Al ooit gedink hoekom het die Engel toe dit more word vir hom gesê “Los my”? Dit is in die more dat God aan die Engele opdragte gee wat om die dag te doen. Hy moes terug gaan om by God te hoor.

Dit is weereens tyd dat ons in God se aangesig sal kom en sê: Here ons sal u nie los nie. Ter wille van vyftig, veertig, dertig, twintig of tien in hierdie stad.

Ek sal U nie los nie. *“In die more, Here, sal U my stem hoor; in die more sal ek dit aan U voorlê en afwag”.*